Die Direktoraat van Publikasies het op 31 Oktober 1980, kragtens artikel 14 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 27 Oktober 1980, van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is nie. Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 14 (3) (b) van genoemde Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde appèl kan rig, word hierby bepaal as 14 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

| Entry No.<br>Inskrywing No. | Publication<br>Publikasie | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer |
|---|---|---|
| P80/9/135..... | *Radical Bible, The*..... | Gill and Macmillan Ltd, Dublin |

No. 2336 14 November 1980

## PUBLICATIONS OR OBJECTS.—REPRESENTATIONS IN RESPECT OF APPEAL

On 15 October 1980, the Directorate of Publications appealed under section 14 of the Publications Act, 1974, against the decision on 3 October 1980, of a committee referred to in section 4 of the said Act, that the undermentioned publication is undesirable under section 47 (2) (b) but not to such an extent as to justify the prohibition of its possession under section 9 (3) of the said Act. The period within which persons referred to in section 14 (3) (b) of the said Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said appeal is hereby determined as 14 days from the date of this notice.

No. 2336 14 November 1980

## PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VERTOË TEN OPSIGTE VAN APPÈL

Die Direktoraat van Publikasies het op 15 Oktober 1980, kragtens artikel 14 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 3 Oktober 1980, van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie ongewens is kragtens artikel 47 (2) (b) maar nie sodanig dat dit 'n besitverbod kragtens artikel 9 (3) van genoemde Wet regverdig nie. Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 14 (3) (b) van genoemde Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde appèl kan rig, word hierby bepaal as 14 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

| Entry No.<br>Inskrywing No. | Publication<br>Publikasie | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer |
|---|---|---|
| P80/9/105..... | *Black Magic: Ritual Kit* (Object/Voorwerp)..... | Avalon Hill Company, Maryland, USA |

No. 2337 14 November 1980

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—REPRESENTATIONS IN RESPECT OF APPEAL

On 5 November 1980, the Directorate of Publications appealed under section 14 of the Publications Act, 1974, against the decision on 31 October 1980, of a committee referred to in section 4 of the said Act, that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act. The period within which persons referred to in section 14 (3) (b) of the said Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said appeal is hereby determined as 14 days from the date of this notice.

No. 2337 14 November 1980

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VERTOË TEN OPSIGTE VAN APPÈL

Die Direktoraat van Publikasies het op 5 November 1980, kragtens artikel 14 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 31 Oktober 1980, van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is nie. Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 14 (3) (b) van genoemde Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde appèl kan rig, word hierby bepaal as 14 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

| Entry No.<br>Inskrywing No. | Publication<br>Publikasie | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer |
|---|---|---|
| P80/10/149..... | *Work in Progress*—No 15, October 1980..... | An Editorial Collective, Braamfontein |

No. 2338 14 November 1980

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—REPRESENTATIONS IN RESPECT OF APPEAL

On 4 November 1980, the Directorate of Publications appealed under section 13 of the Publications Act, 1974, against the decision on 27 October 1980, of a committee referred to in section 4 of the said Act, that the undermentioned publication is undesirable within the meaning of section 47 (2) (a) of the said Act:

No. 2338 14 November 1980

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VERTOË TEN OPSIGTE VAN APPÈL

Die Direktoraat van Publikasies het op 4 November 1980, kragtens artikel 13 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 27 Oktober 1980, van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie binne die bedoeling van artikel 47 (2) (a) van genoemde Wet ongewens is:

| Entry No.<br>Inskrywing No. | Publication<br>Publikasie | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer |
|---|---|---|
| P80/8/127..... | *Creator*..... | Jeremy Leven |

No. 2339 14 November 1980

PUBLICATIONS ACT, 1974

PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, as amended, withdrew the declaration that every edition of the undermentioned publication is undesirable. The undermentioned entry in respect of the publication is hereby deleted:

No. 2339 14 November 1980

WET OP PUBLIKASIES, 1974

PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig, het die verklaring dat elke uitgawe van ondergenoemde publikasie ongewens is, ingetrek. Die ondergenoemde inskrywing ten opsigte van die publikasie word hierby geskrap:

| Entry No.<br>Inskrywing No | Publication or object<br>Publikasie of voorwerp | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer | Entry deleted<br>Inskrywing geskrap |
|---|---|---|---|
| P80/8/51..... | *Africa Digest*..... | The African Publications Trust, London... | In G.N./GK. 1510 of/van 31/7/56, G.G./SK. 5730 of/van 17/8/56 |

No. 2342 14 November 1980

PUBLICATIONS ACT, 1974

PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, has in terms of section 9 (4) of the said Act prohibited the importation except on authority of a permit, of publications or objects issued by the undermentioned publisher:

No. 2342 14 November 1980

WET OP PUBLIKASIES, 1974

PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, het kragtens artikel 9 (4) van genoemde Wet die invoer behalwe op gesag van 'n permit, van publikasies of voorwerpe wat deur ondergenoemde uitgewer uitgegee word, verbied:

Paul Raymond Publications Ltd, London.

No. 2341 14 November 1980

## PROHIBITION ON POSSESSION OF UNDESIRABLE PUBLICATIONS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, which decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act, has under section 9 (3) of the said Act, prohibited the possession of the said publications. The said prohibition was confirmed by the Publications Appeal Board under section 9 (5) of the said Act:

No. 2341 14 November 1980

## VERBOD OP BESIT VAN ONGEWENSTE PUBLIKASIES

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, wat kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis het dat die ondergenoemde publikasies ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet, het kragtens artikel 9 (3) van genoemde Wet die besit van genoemde publikasies verbied. Genoemde verbod is kragtens artikel 9 (5) van genoemde Wet deur die Appèlraad oor Publikasies bekragtig:

| Entry No.<br>Inskrywing No. | Publication or object<br>Publikasie of voorwerp | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer | Section 47 (2)<br>Artikel 47 (2) |
|---|---|---|---|
| P80/8/68 | *From Robben Island via ANC to You!* (Pamphlet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/8/116 | *National*—Vol 1, No. 2, 1980 | SASPU, Johannesburg | (e) |
| P80/8/152 | *Namibian Documentation, The*—No 2 | SWAPO—Printed in the German Democratic Republic | (e) |
| P80/8/155 | *Mao Tse-Tung:* New-Democratic Constitutional Government | Foreign Languages Press, Peking | (e) |
| | | Foreign Languages Press, Peking | (e) |
| P80/8/157 | *Mao Tse-Tung: On the Chunking Negotiations* | Foreign Languages Press, Peking | (e) |
| P80/8/159 | *Mao Tse-Tung: Current Problems on Tactics in the Anti-Japanese United Front* | Foreign Languages Press, Peking | (e) |
| P80/8/160 | *Mao Tse-Tung: For the Mobilization of all the Nation's Forces for Victory in the War of Resistance* | Foreign Languages Press, Peking | (e) |
| P80/9/19 | *Freedom Charter of South Africa, The* | World Peace Council in Cooperation with the United Nations Unit on Apartheid | (e) |
| P80/9/21 | *Year of the Charter!* Extracts from a *Message to the People of South Africa* by Comrade President Oliver Tambo on the Occasion of the 68th Anniversary of the African National Congress, January 8th, 1980. | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/23 | *Down with the Rent Increases* (Pamphlet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/24 | *Boycott Community Councils* (Pamphlet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/25 | *ANC: Nelson Mandela:* An appeal to the people of South Africa smuggled out of Robben Island—*Unite! Mobilise! Fight on!* (Pamphlet/Pamflet) | African National Congress of South Africa | (e) |
| P80/9/26 | *Support the Students' Strikes and Boycotts!* (Pamphlet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/27 | *Release all Political Prisoners Campaign* (Pamphlet/Pamflet) | | (e) |
| P80/9/28 | *Our Response to Le Grange* (Pamphlet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/29 | *Mobilise! Organise! and Fight!* (Pamphlet/Pamflet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/30 | *Free Mandela Now!!!* (Pamphlet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/32 | *Kampf in Suedafrika und die Notwendigkeit einer Internationalen Hilfe, Der: Standpunkt des PAC (Notizen und Dokumente*—No 13/73) | Vereinte Nationen: Apartheid-Referat | (e)<br>(e) |
| P80/9/33 | *"Transit Camps" in South Africa* | United Nations: Unit on Apartheid, New York | (e) |
| P80/9/42 | *Informationsdienst Südliches Afrika*—Nr 5, Mai 1980 | Informationsstelle Südliches Afrika e V (ISSA)/ Anti-Apartheid-Bewegung in der BRD und Westberlin e V, Bonn | (e) |
| P80/9/43 | *New Perspectives*—Vol 10, 3–4/1980 | Information Centre of the World Peace Council, Helsinki | (e) |
| P80/9/46 | *Morrison goes Shopping* (Pamphlet/Pamflet) | Not stated/Nie vermeld nie | (e) |
| P80/9/48 | *Forge, La*—Vol 5, No 26, le 15 Aout 1980 | La Forge, Canada | (e) |
| P80/9/77 | *Amandla*—No 6/7, Juni/Juli 1980 | Komitee Zuidelijk Afrika, Amsterdam | (e) |
| P80/9/78 | *Southern Africa*—Vol XIII, No 6, July/August 1980 | Southern Africa Committee, New York | (e) |
| P80/9/79 | *Informationsdienst Südliches Afrika*—Nr 6–7, Juni/Juli 1980 | Informationsstelle Südliches Afrika e V (ISSA)/ Anti-Apartheid-Bewegung in der BRD und Westberlin e V, Bonn | (e) |
| P80/9/98 | *New Times*—No 13, March 1980 | Trud, Moscow | (e) |
| P80/8/72 | *National Women's Day:* 9th August 1980 | NUSAS, University of Cape Town, Rondebosch | (e) |
| P80/8/131 | *Le Duan:* Selected Writings | Foreign Languages Publishing House, Hanoi | (e) |
| P80/8/134 | *Swish!*—No 2 | Not stated/Nie vermeld nie | (a) |
| P80/8/146 | *X-Rated Hooker* | Paul Benson | (a) |
| P80/8/151 | *Namibia Struggles for Freedom* | The Permanent Secretariat of the Afro-Asian Peoples' Solidarity Organisation, Cairo, Egypt | (e) |
| P80/8/158 | *Mao Tse-Tung: On Protracted War* | Foreign Languages Press, Peking | (e) |
| P80/7/95 | *How to Save your own Life* | Erica Jong | (a) |
| P80/2/14 | *New Man & Woman*—Part 3, Part 5 | Marshall Cavendish Partworks Ltd, London | (a) |
| P80/1/40 | *Smooth*—No 24 | Swish Publications Ltd, London | (a) |
| P80/9/67 | *Spiele der Liebe, Die* (i e the translation in German of original title "The Joy of Sex" which was previously found to be undesirable/d i die vertaling in Duits van oorspronklike titel "The Joy of Sex" wat voorheen ongewens bevind is) | Alex Comfort | (a) |

No. 2340 14 November 1980

PUBLICATIONS OR OBJECTS

The Publications Appeal Board in terms of section 13 (5) of the Publications Act, 1974, as amended, decided that the undermentioned publication is not undesirable and set aside the decision of a committee referred to in section 4 of the said Act that the said publication is undesirable within the meaning of section 47 (2) (a) of the said Act. The undermentioned entry in respect of the publication is hereby deleted:

No. 2340 14 November 1980

PUBLIKASIES OF VOORWERPE

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 13 (5) van die Wet op Publikasies, 1974, soos gewysig, beslis dat die ondergenoemde publikasie nie ongewens is nie en het die beslissing van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat genoemde publikasie binne die bedoeling van artikel 47 (2) (a) van geñoemde Wet ongewens is, ter syde gestel. Die ondergenoemde inskrywing ten opsigte van die publikasie word hierby geskrap:

| Entry No.<br>Inskrywing No | Publication or object<br>Publikasie of voorwerp | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer | Entry deleted<br>Inskrywing geskrap |
|---|---|---|---|
| P80/10/35..... | *South African Student Handbook, The*.... | National Union of South African Students' Travel Service | In G.N./GK. 2153, G.G. SK. 7265 of/van 17/10/80 |

No. 2343 14 November 1980

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS.—CORRECTION

In *Government Gazette* 7258, Government Notice 2124 of 9 October 1980, delete the following entry:

No. 2343 14 November 1980

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—REGSTELLINGS

In *Staatskoerant* 7258, Goewermentskennisgewing 2124 van 9 Oktober 1980, skrap die volgende inskrywing:

| Entry No.<br>Inskrywing No. | Publication or object<br>Publikasie of voorwerp | Author or producer<br>Skrywer of voortbringer | Section 47 (2)<br>Artikel 47 (2) |
|---|---|---|---|
| P80/4/97..... | *Whitehouse*—No 18..... | David Reed & Graham Barker, Kelerfern Ltd, London | (a) |

## DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

No. 2315 14 November 1980

REMOVAL FROM THE REGISTER OF CONTROLLED MINES

In terms of section 11 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), it is hereby notified that the Minister of Mineral and Energy Affairs has declared that the following mines shall cease to be controlled mines with effect from 1 January 1981:

(a) The mine known as Draaiberg Quarry, on the farm Witkoppies WLM Q.5–19, situate in the Magisterial District of Willowmore, Cape Province, worked by Colle Contractors (Pty) Ltd, P.O. Miller, 6682.

(b) The mine known as Lowveld Crushers Nelspruit (Pty) Ltd, on the farm Stone Henge Farm 310 JT, situate in the Magisterial District of Nelspruit, Province of the Transvaal, worked by Lowveld Crushers Nelspruit (Pty) Ltd, c/o Messrs Wolfaard, Vickers and Joseph, P.O. Box 27, Nelspruit, 1200.

(c) The mine known as Paulpietersburg Dumbe Coal Mines (Pty) Ltd, on the townlands of Paulpietersburg, situate in the Magisterial District of Paulpietersburg, Province of Natal, worked by Rand London Coal Mines, P.O. Box 129, Paulpietersburg, 3180.

## DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

No. 2315 14 November 1980

SKRAPPING UIT DIE REGISTER VAN BEHEERDE MYNE

Hierby word ingevolge artikel 11 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), bekendgemaak dat die Minister van Mineraal- en Energiesake verklaar het dat die volgende myne met ingang van 1 Januarie 1981 ophou om beheerde myne te wees:

(a) Die myn bekend as Draaiberg Quarry, op die plaas Witkoppies WLM Q.5–19, geleë in die landdrosdistrik Willowmore, Kaapprovinsie, ontgin deur Colle Contractors (Pty) Ltd, Pk. Miller, 6682.

(b) Die myn bekend as Lowveld Crushers Nelspruit (Pty) Ltd, op die plaas Stone Henge Farm 310 JT, geleë in die landdrosdistrik Nelspruit, provinsie Transvaal, ontgin deur Lowveld Crushers Nelspruit (Pty) Ltd, p/a mnre. Wolfaard, Vickers en Joseph, Posbus 27, Nelspruit, 1200.

(c) Die myn bekend as Paulpietersburg Dumbe Coal Mines (Pty) Ltd, op die dorpsgronde van Paulpietersburg, geleë in die landdrosdistrik Paulpietersburg, provinsie Natal, ontgin deur Rand London Coal Mines, Posbus 129, Paulpietersburg, 3180.

## DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS, FORESTRY AND ENVIRONMENTAL CONSERVATION

No. 2325 14 November 1980

AMENDMENT OF THE REGULATIONS GOVERNING THE NATIONAL HIKING WAY SYSTEM IN TERMS OF THE FOREST ACT, 1968

The Minister of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation, issued the regulations in the

## DEPARTEMENT VAN WATERWESE, BOSBOU EN OMGEWINGSBEWARING

No. 2325 14 November 1980

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE NASIONALE VOETSLAANPADSTELSEL KRAGTENS DIE BOSWET, 1968

Die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring het kragtens artikel 31 J van die Boswet, 1968

Schedule hereto in terms of section 31 J of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968).

SCHEDULE

1. In these regulations, "the Regulations" means the Regulations governing the National Hiking Way System published in Government Notice 2173 in *Government Gazette* 229 of 14 November 1975.

2. The regulations are hereby amended by the substitution of regulation 5.12 by the following regulation:

"The prescribed tariffs for the use of the hiking way system are payable after the booking has been confirmed and are not refundable on cancellation of a hiking tour: Provided that—

(a) if, in the opinion of the local advisory committee, a hiking trail to be used for a particular hiking tour is for any particular reason too dangerous for such hiking tour, the full amount of the booking fee may be refunded to the hikers concerned; and

(b) if the office where the booking was made is notified at least one month in advance of the cancellation of the hiking tour, an amount equal to 80 percent of the booking fee may be refunded.".

(Wet 72 van 1968), die regulasies in die Bylae hierby uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie regulasies beteken "die Regulasies" die Regulasies betreffende die Nasionale Voetslaanpadstelsel afgekondig by Goewermentskennisgewing 2173 in *Staatskoerant* 229 van 14 November 1975.

2. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 5.12 deur die volgende regulasie te vervang:

"Die voorgeskrewe tariewe vir gebruik van die voetslaanpadstelsel is betaalbaar na bevestiging van die bespreking en is nie terugbetaalbaar by kansellering van 'n voetslaantoer nie: Met dien verstande dat—

(a) indien 'n voetslaanpadroete wat vir 'n besondere voetslaantoer gebruik moet word na die mening van die plaaslike advieskomitee om enige besondere rede te gevaarlik vir so 'n voetslaantoer is, die volle bedrag van die besprekingsgeld aan die betrokke voetslaners terugbetaal kan word; en

(b) indien die kantoor waar die bespreking gemaak is, ten minste een maand vooruit van die kansellering van die voetslaantoer verwittig word, 'n bedrag gelykstaande met 80 persent van die besprekingsgeld terugbetaal kan word.".

## GENERAL NOTICES

NOTICE 807 OF 1980

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

The following proposed Professional Scientists and Related Professions Bill, 1981 is hereby published for general information and comment.

Any person wishing to comment on the proposed provisions of the Bill must submit such comment before 12 December 1980 to the Director-General: Office of the Prime Minister (Administration Branch), Private Bag X213, Pretoria, 0001, quoting reference A1/3/9/1.

**BILL**

**To provide for the establishment of a South African Council for Professional Scientists, for the registration of professional scientists, scientists-in-training and persons in related professions and for other incidental matters.**

Be it enacted by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:

*Definitions*

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "education advisory committee" means the Education Advisory Committee for Professional Scientists established under section 11;

(ii) "registered as a professional scientist", which term shall be deemed to include mathematicians, means registered as a professional scientist under section 18 (2), (4), (6) or (11);

(iii) "board of control", means a board of Control established under section 31;

(iv) "department" means the Office of the Prime Minister;

## ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 807 VAN 1980

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

Die onderstaande voorgestelde Wetsontwerp op Professionele Natuurwetenskaplikes en Verwante Professies, 1981 word hiermee vir algemene inligting en kommentaar gepubliseer.

Enige persoon wat kommentaar wil lewer op die voorgestelde bepalings van die Wetsontwerp moet sodanige kommentaar voor 12 Desember 1980 voorlê aan die Direkteur-generaal: Kantoor van die Eerste Minister (Tak Administrasie), Privaatsak X213, Pretoria, 0001 en Verwysing A1/3/9/1 vermeld.

**WETSONTWERP**

**Om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Natuurwetenskaplikes, vir die registrasie van professionele natuurwetenskaplikes, natuurwetenskaplikes-in-opleiding en persone in verwante professies en vir bykomstige aangeleenthede.**

Daar word bepaal deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika soos volg:

*Woordomskrywing*

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) "adviserende onderwyskomitee" die Adviserende Onderwyskomitee vir Professionele Natuurwetenskaplikes ingevolge artikel 11 ingestel;

(ii) "as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer", welke begrip wiskundiges insluit, as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer ingevolge die bepalings van artikel 18 (2), (4), (6) of (11);

(iii) "beheerraad", 'n beheerraad kragtens artikel 31 ingestel;

(iv) "departement" die Kantoor van die Eerste Minister;

(v) "this Act" includes any regulation, notice or rule made or issued under this Act.

(vi) "in the service of the State" means in the full-time employment of the Central Government, any Provincial Administration, the South African Railways and Harbours Administration the Department of Posts and Telecommunications, statutory councils, government corporations or local governments;

(vii) "scientist-in-training" means a person registered as a scientist-in-training under section 18 (3) (a) or (11);

(viii) "Minister" means the Prime Minister;

(ix) "private professional consulting practice" means the performance of work by any person in connection with projects, undertakings or services of a scientific nature reserved for professional scientists under section 7 (3) (c) and for which payment is made in money;

(x) "professional scientist" means a person registered as a professional scientist under section 18 (2), (4), (6), or (11);

(xi) "professional scientific society" means an association, institute or liaison committee of scientific societies established with the purpose of furthering the interests of the profession or discipline concerned and recognised under section 7 (3) (a);

(xii) "Council" means the South African Council for Professional Scientists established under section 2;

(xiii) "register" means the register referred to in section 7 (2);

(xiv) "registrable as a professional scientist" means complying with all the requirements for registration under section 18 (2), (4), (6) or (11);

(xv) "registrar" means the person appointed as registrar under section 7 (1) (a);

(xvi) "regulation" means any regulation made and enforced under the Act;

(xvii) "Director-General" means the Director-General: Office of the Prime Minister; and

(xviii) "prescribed" means prescribed by or under this Act.

*Establishment of the South African Council for Professional Scientists*

2. A Council to be known as the South African Council for Professional Scientists, which shall be a body corporate capable of suing and being sued under its corporate name and of performing all such acts as are necessary for, or incidental to, the achievement of its objects and the performance of its functions and duties under this Act, is hereby established.

*Constitution of Council and first meeting*

3. (1) The Council shall consist of the following members to be appointed by the Minister:

(a) Eight persons, of whom—

(i) one shall represent the earth sciences and persons qualified in related fields and shall be nominated in consultation with its related professional scientific societies, if any, by the Geological Society of South Africa;

(ii) one shall represent the chemists and persons qualified in related fields and shall be nominated in consultation with its related professional scientific societies, if any, by the South African Chemical Institute;

(v) "hierdie Wet" ook 'n regulasie, kennisgewing of reël kragtens hierdie Wet uitgevaardig of uitgereik;

(vi) "in diens van die Staat" in die heeltydse diens van die Sentrale Regering, 'n Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawe-administrasie, die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese statutêre rade, staatskorporasies of plaaslike besture;

(vii) "natuurwetenskaplike-in-opleiding" iemand wat as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer is ingevolge die bepaling van artikel 18 (3) (a) of (11);

(viii) "Minister" die Eerste Minister;

(ix) "private professionele raadgewende praktyk" die verrigtinge deur 'n persoon van werk in verband met projekte, ondernemings of dienste van 'n natuurwetenskaplike aard wat voorbehou is vir professionele natuurwetenskaplikes ingevolge artikel 7 (3) (c) en waarvoor vergoeding geskied by wyse van gelde;

(x) "professionele natuurwetenskaplike" iemand wat as 'n professionele natuurwetenskaplike ingevolge die bepalings van artikel 18 (2), (4), (6) of (11) geregistreer is;

(xi) "professionele natuurwetenskaplike vereniging" 'n vereniging, instituut of skakelkomitee van natuurwetenskaplike verenigings, gestig met die doel om die belange van die onderhawige beroep of vak te bevorder en kragtens artikel 7 (3) (a) erken;

(xii) "Raad" die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Natuurwetenskaplikes by artikel 2 ingestel;

(xiii) "register" die in artikel 7 (2) bedoelde register;

(xiv) "registreerbaar as 'n professionele natuurwetenskaplike" voldoening aan al die vereistes vir registrasie kragtens artikel 18 (2), (4), (6) of (11);

(xv) "registrateur" die persoon wat kragtens artikel 7 (1) (a) as registrateur aangestel is;

(xvi) "regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag is;

(xvii) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Kantoor van die Eerste Minister

(xviii) "voorgeskryf" by of kragtens hierdie Wet voorgeskryf;

*Instelling van die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Natuurwetenskaplikes*

2. Hierby word 'n Raad ingestel, bekend as die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Natuurwetenskaplikes, wat met regspersoonlikheid beklee is en bevoeg is om in sy naam as regspersoon as eiser en verweerder in reg op te tree en om alle handelinge te verrig wat nodig is vir, of in verband staan met, die uitvoering van sy oogmerke en die verrigting van sy werksaamhede en pligte kragtens hierdie Wet.

*Samestelling van Raad en eerste vergadering*

3. (1) Die Raad bestaan uit die volgende lede, wat deur die Minister aangestel moet word, naamlik:

(a) Agt persone, van wie—

(i) een die aardwetenskappe en persone gekwalifiseerd in verwante rigtings moet verteenwoordig en deur die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika, in oorleg met sy aanverwante professionele natuurwetenskaplike verenigings, indien enige, genomineer moet word;

(ii) een die chemici en persone gekwalifiseerd in verwante rigtings moet verteenwoordig en deur die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut, in oorleg met sy aanverwante professionele natuurwetenskaplike verenigings, indien enige, genomineer moet word;

(iii) one shall represent the zoologists and persons qualified in related fields and shall be nominated in consultation with its related professional scientific societies, if any, by Zoological Society of Southern Africa;

(iv) one shall represent the physicists and persons qualified in related fields and shall be nominated in consultation with its related professional scientific societies, if any, by the South African Institute of Physics;

(v) one shall represent the specialists in agriculture and forestry and persons qualified in related fields, and shall be nominated in consultation with its affiliated professional societies, by the Liaison Committee of Professional Societies Concerned with Agriculture;

(vi) one shall represent the botanists and persons qualified in related fields and shall be nominated in consultation with its related professional scientific societies, if any, by the South African Association of Botanists;

(vii) one shall represent the mathematicians and persons qualified in related fields and shall be nominated in consultation with its related professional scientific societies, if any, by the South African Mathematical Society;

(b) two persons who shall be nominated by the Joint Council of Scientific Societies, one of whom shall represent the affiliated societies;

(c) three persons engaged in the teaching of science, agriculture or forestry and who shall be nominated by a committee representing all university principals;

(d) a representative of the technikons, selected by the Minister from among all the technikons under section 28 of the Advanced Technical Education Act, 1967 (Act 40 of 1967);

(e) two persons selected by the Minister from among persons in the service of the State;

(f) two persons selected by the Minister on the grounds that by virtue of their knowledge and experience of public affairs and the industrial requirements of the country, they are particularly suited to judge how the public interest in so far as it is affected by science can best be safeguarded or promoted, and of whom one shall be specially selected by virtue of his knowledge of the law as it relates to the practice of the natural sciences: and

(g) in respect of each board of control, one person who shall be nominated by that board of control.

(2) Whenever any nomination under subsection (1) (a) (b), (c), (d) or (g) becomes necessary, the Minister shall call upon the body concerned, or cause it to be called upon, by notice in writing, to nominate within a period specified in the notice, being not less than 60 days from the date thereof, so many persons as may be required to be nominated by it for appointment to the Council.

(3) If, after having been called upon by notice under subsection (2), the body concerned fails to nominate within the period specified in such notice as many persons as were required to be nominated in terms of such notice, the Minister may appoint those persons, if any, actually so nominated and such other

(iii) een die dierkundiges en persone gekwalifiseerd in verwante rigtings moet verteenwoordig en deur die Soölogiese Vereniging van Suidelike Afrika, in oorleg met sy aanverwante professionele natuurwetenskaplike verenigings, indien enige, genomineer moet word;

(iv) een die fisici en persone gekwalifiseerd in verwante rigtings moet verteenwoordig en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika, in oorleg met sy aanverwante professionele natuurwetenskaplike verenigings, indien enige, genomineer moet word;

(v) een die landbou- en bosboukundiges en persone gekwalifiseerd in verwante rigting moet verteenwoordig en deur Skakelkomitee van Vakverenigings met Landboukundige Verband, in oorleg met sy geaffilieerde professionele natuurwetenskaplike verenigings, genomineer moet word;

(vi) een die plantkundiges en persone gekwalifiseerd in verwante rigtings moet verteenwoordig en deur die Suid-Afrikaanse Genootskap vir Plantkundiges, in oorleg met sy aanverwante professionele natuurwetenskaplike verenigings, indien enige, genomineer word;

(vii) een die wiskundiges en persone gekwalifiseerd in verwante rigtings moet verteenwoordig en deur die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging, in oorleg met sy aanverwante professionele natuurwetenskaplike verenigings, indien enige, genomineer moet word;

(b) twee persone wat deur die Gesamentlike Raad van Natuurwetenskaplike Verenigings genomineer moet word waarvan een die affiliaatverenigings verteenwoordig;

(c) drie persone wat dosente is in die natuurwetenskappe, landbou of bosbou deur 'n Komitee verteenwoordigend van alle Universiteitshoofde genomineer moet word; en

(d) 'n verteenwoordiger van die technikons, deur die Minister gekies uit die geledere van alle technikons soos ingestel kragtens artikel 28 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys 1967 (Wet No. 40 van 1967);

(e) twee persone wat deur die Minister gekies moet word vanuit persone in diens van die Staat; en

(f) twee persone wat deur die Minister gekies moet word op grond daarvan dat hulle uit hoofde van hul kennis en ervaring betreffende openbare aangeleenthede en die nywerheidsbehoeftes van die land, uitnemend geskik is om te oordeel hoe die openbare belang, vir sover dit deur die natuurwetenskappe geraak word, op die beste wyse beskerm of bevorder kan word, en van wie een persoon spesiaal gekies moet word op grond van sy kennis van die reg soos dit op die praktyk van die natuurwetenskappe betrekking het; en

(g) ten opsigte van elke beheerraad een persoon wat deur daardie beheerraad genomineer word.

(2) Wanneer 'n nominasie kragtens subartikel (1) (a), (b), (c) of (g) nodig word, moet die Minister die betrokke liggaam deur skriftelike kennisgewing aansê of laat aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld maar minstens 60 dae vanaf die datum van die kennisgewing, soveel persone te nomineer as wat deur die liggaam vir aanstelling in die Raad genomineer moet word.

(3) Indien die betrokke liggaam in gebreke bly om, na aansegging deur kennisgewing soos in subartikel (2) bepaal, binne die tydperk in die kennisgewing vermeld soveel persone te nomineer as wat volgens die kennisgewing genomineer moes word, kan die Minister die persone, as daar is, wat werklik aldus genomineer is

persons who hold the qualifications necessary for appointment as he may deem fit, up to the number required, to be members of the Council.

(4) For every member of the Council appointed under subsection (1), an alternate member shall be appointed in the same manner as such member, and any alternate member so appointed shall have the right to vote and may attend and take part in the proceedings at any meeting of the Council whenever the member to whom he has been appointed as alternate is absent from such meeting.

(5) The name of every person appointed as a member of the Council and of every person appointed as an alternate to any member, together with the date from which the appointment takes effect and the duration of such appointment, shall be notified in the *Gazette*.

(6) No decision taken by the Council or act performed under authority of the Council shall be invalid by reason only of a vacancy on the Council or of the fact that a person who was not entitled to sit as a member of the Council, sat as a member at the time when the decision was taken or the act was authorised by the requisite majority of the members of the Council who where present at the time and entitled to sit as members.

(7) The first meeting of the Council shall be held at a time and place to be fixed by the Minister.

*Qualifications of members of Council and circumstances under which they vacate office*

4. (1) No person shall be appointed—

(a) as a member of the Council in terms of section 3 (1) (a), (b), (d) or (e) or as an alternate to any such member in terms of section 3 (4) unless he is a professional scientist;

(b) as a member of the Council in terms of section 3 (1) (c) or as an alternate to any such member in terms of section 3 (4) unless he is a professional scientist or is registrable as a professional scientist;

(c) as a member of the Council in terms of section 3 (1) (a), (b) or (g), or as an alternate to any such member in terms of section 3 (4), unless he is a member of the body by which he was nominated.

(2) A member of the Council shall vacate his office—

(a) if he signifies in writing his wish to resign and his resignation is accepted by the Minister;

(b) if he becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of, or compounds with, his creditors;

(c) if he is according to the law detained as a mentally ill person;

(d) if he is convicted of an offence and sentenced to a term of imprisonment without the option of a fine;

(e) if he is removed from an office of trust on account of improper conduct or if he has been guilty of conduct by reason whereof, in the opinion of the Minister, he is not a fit person to be a member of the Council;

(f) if he is disqualified under this Act from carrying on his profession;

(g) if he has been absent from three consecutive meetings of the Council without the permission of the Council;

(h) if he was appointed under section 3 (1) (a) or (b) and the body by which he was nominated fails to apply within six months after the commence-

en die ander persone wat hy goedvind en wat die kwalifikasies nodig vir aanstelling besit, tot die vereiste aantal aanstel om lede van die Raad te wees.

(4) Vir elke lid van die Raad kragtens subartikel (1) aangestel, moet daar 'n plaasvervangende stemgeregtigde lid op dieselfde wyse as bedoelde lid aangestel word, en 'n plaasvervangende lid aldus aangestel kan 'n vergadering van die Raad bywoon en aan die verrigtinge aldaar deelneem wanneer die lid vir wie hy as plaasvervangende lid aangestel is, van bedoelde vergadering afwesig is.

(5) Die naam van elke persoon as lid van die Raad aangestel, en van elke persoon as plaasvervanger van 'n lid aangestel, en die datum vanaf wanneer die aanstelling geld en die duur van sodanige aanstelling, moet in die *Staatskoerant* afgekondig word.

(6) Geen besluit van die Raad of handeling op gesag van die Raad verrig, is ongeldig nie bloot vanweë 'n vakature in die Raad of omdat 'n persoon wat nie geregtig was om as 'n Raadslid sitting te neem nie, as 'n Raadslid sitting geneem het toe die besluit geneem of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is, deur die vereiste meerderheid van die lede van die Raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem.

(7) Die eerste vergadering van die Raad word gehou op 'n tyd en plek wat die Minister vasstel.

*Kwalifikasies van Raadslede en omstandighede waaronder hulle hul amp ontruim*

4. (1) Niemand word aangestel—

(a) as 'n lid van die Raad kragtens artikel 3 (1) (a), (b), (d) of (e) of as 'n plaasvervanger van so 'n lid kragtens artikel 3 (4) nie, tensy hy 'n professionele natuurwetenskaplike is;

(b) as 'n lid van die Raad kragtens artikel 3 (1) (c) of as 'n plaasvervanger van so 'n lid kragtens artikel 3 (4) nie, tensy hy 'n professionele natuurwetenskaplike is of registreerbaar is as 'n professionele natuurwetenskaplike;

(c) as 'n lid van die Raad kragtens artikel 3 (1) (a), (b) of (g), of as 'n plaasvervanger van so 'n lid kragtens artikel 3 (4) nie, tensy hy 'n lid is van die liggaam deur wie hy genomineer is.

(2) 'n Lid van die Raad ontruim sy amp—

(a) as hy skriftelik kennis gee van sy wens om te bedank en sy bedanking deur die Minister aanvaar word;

(b) as hy insolvent raak of van sy boedel afstand doen ten voordele van sy skuldeisers of met hulle 'n skikking aangaan;

(c) as hy volgens die reg as 'n geestesongestelde aangehou word;

(d) as hy weens 'n misdryf veroordeel en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word;

(e) as hy weens onbehoorlike gedrag uit 'n vertrouensamp verwyder word of as hy hom skuldig gemaak het aan gedrag van so 'n aard dat hy na die oordeel van die Minister nie 'n geskikte persoon is om 'n lid van die Raad te wees nie;

(f) as hy ingevolge hierdie Wet onbevoeg verklaar word om sy professie te beoefen;

(g) as hy sonder toestemming van die Raad van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was;

(h) as hy kragtens artikel 3 (1) (a) of (b) aangestel is en die liggaam deur wie hy genomineer is, versuim om binne ses maande na inwerkingtreding van

ment of this Act for recognition under section 7 (3) or, having applied, is not granted recognition;

(i) if he was appointed under section 3 (1) (a), (b), (c), or (g) and ceases to be a member of the body by which he was nominated;

(j) if he was appointed under section 3 (1) (a), (b) or (e) and ceases to be a professional scientist;

(k) if he was appointed under section 3 (1) (d) and ceases to be a person in the service of a technikon; or

(l) if he was appointed under section 3 (1) (e) and ceases to be a person in the service of the State.

(3) Subsection (1) (b) shall come into operation six months after the commencement of this Act.

*Tenure of office of members of Council*

5. (1) Every member of the Council shall be appointed for a period of three years, but shall on termination of the period for which he was appointed, continue to hold office for a further period not exceeding three months until his successor has been appointed: Provided that in the case of the first appointment of a member of the Council in terms of section 3 (1) (g), the member concerned shall be appointed for the unexpired portion of the period for which the other members then serving were appointed.

(2) When a member of the Council vacates his office before the expiration of the period for which he was appointed, the Minister may, with due regard to the appropriate provisions of section 3, appoint a person to fill the vacancy for the unexpired portion of the period for which such member was appointed.

(3) Any person whose term of office as a member of the Council has expired, shall be eligible for reappointment.

*President and vice-president of Council*

6. (1) At the first meeting of every newly constituted Council the members of the Council shall elect out of their number a president and vice-president of the Council, and the president and vice-president shall hold office during the term of office of the Council.

(2) If the president or vice-president of the Council vacates his office before the expiration of the period for which he was appointed a member of the Council, another member of the Council shall, subject to the provisions of subsection (1) be elected president or vice-president.

(3) If, for any reason, the president is unable to act, the vice-president, if able to do so, shall act in this stead.

(4) If the president and vice-president are absent from any meeting of the Council or unable to preside, the members present shall elect one of their number to preside at that meeting, and the person so elected to preside may perform all the duties of the president during that meeting and until the president or vice-president resumes duty.

(5) A member of the Council who is not a professional scientist, shall not be elected president or vice-president of the Council or preside at any meeting of the Council.

hierdie Wet aansoek om erkenning te doen kragtens artikel 7 (3), of indien die liggaam wel aansoek gedoen het, erkenning nie verleen word nie;

(i) as hy kragtens artikel 3 (1) (a), (b), (c) of (g) aangestel is en ophou om 'n lid te wees van die liggaam deur wie hy genomineer is;

(j) as hy kragtens artikel 3 (1) (a), (b) of (e) aangestel is en hy ophou om 'n professionele natuurwetenskaplike te wees;

(k) as hy kragtens artikel 3 (1) (d) aangestel is en hy ophou om 'n persoon in diens van 'n technikon te wees; of

(l) as hy kragtens artikel 3 (1) (e) aangestel is en ophou om 'n persoon in diens van die Staat te wees.

(3) Subartikel (1) (b) tree in werking ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet.

*Ampsduur van Raadslede*

5. (1) Elke lid van die Raad word aangestel vir 'n tydperk van drie jaar, maar behou na verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is, sy amp vir 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande totdat sy opvolger aangestel is: Met dien verstande dat in die geval van 'n eerste aanstelling van die Raad ingevolge artikel 3 (1) (g), die betrokke lid aangestel word vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die ander dan dienende lede van die Raad aangestel is.

(2) Wanneer 'n lid van die Raad sy amp ontruim voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is, kan die Minister in oorleg met die Raad en met inagneming van die toepaslike bepalings van artikel 3, 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor bedoelde lid aangestel is.

(3) Iemand wie se ampstermyn as lid van die Raad verstryk het, kan weer aangestel word.

*President en vise-president van die Raad*

6. (1) Die lede van die Raad kies op die eerste vergadering van elke nuut-saamgestelde Raad, uit hul midde 'n president en 'n vise-president van die Raad en die president en vise-president beklee hulle amp gedurende die ampsduur van die Raad.

(2) Indien die president of vise-president van die Raad sy amp ontruim voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy as lid van die Raad aangestel is, word 'n ander lid van die Raad as president of vise-president, na gelang van die geval, behoudens die bepalings van subartikel (1), gekies.

(3) Indien die president om die een of ander rede nie kan optree nie, moet die vise-president, indien hy dit kan doen, in sy plek optree.

(4) Indien die president en vise-president van 'n vergadering van die Raad afwesig is of nie as voorsitter kan optree nie, moet die aanwesige lede een uit hul midde kies om op daardie vergadering voor te sit en die persoon aldus gekies om voor te sit, kan gedurende daardie vergadering en totdat die president of vise-president sy ampspligte hervat, al die pligte van die president verrig.

(5) 'n Lid van die Raad wat nie 'n professionele natuurwetenskaplike is nie, kan nie tot president of vise-president van die Raad gekies word of op 'n Raadsvergadering voorsit nie.

*General powers of Council and powers of the Minister in regard to certain matters in respect of which the Council has made recommendations*

7. (1) The Council shall have the power—

(a) to appoint and remunerate a registrar (who shall also act as secretary to the Council) and other officials, and to determine their duties and responsibilities;

(b) subject to the provision of this Act, to determine the procedure at meetings of the Council or of any committee of the Council or the Education Advisory Committee and the manner in which minutes of the proceedings at such meetings shall be kept;

(c) subject to the provisions of section 10 (2) and 17, to consider and give its final decisions on recommendations of a committee of the Council or the Education Advisory Committee;

(d) to acquire or hire such movable or immovable property as it may consider necessary for the effective performance of its functions;

(e) to enter into contracts and the decide the manner in which contact shall be entered into on behalf of the Council;

(f) to collect the funds of the Council and, subject to the provisions of subsection (1) (d), to invest them or any portion thereof with the National Finance Corporation of South Africa, any banking institution registered under the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965), any building society registered under the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965), or the General Post Office, or in Government stock, Treasury bills, mortgage bonds guaranteed by any such banking institution, any stock guaranteed by government or any stock of a municipal or divisional council or public utility company;

(g) to determine the remuneration and allowances payable from the funds of the Council to members of the Council or of a committee of the Council or of the Education Advisory Committee, and whether any amount should be recovered from the funds of Council in respect of any allowances paid to a member of the Council or of a committee of the Council or of the Education Advisory Committee who is in the service of the State;

(h) to determine the fees which shall be payable to the Council in respect of an examination referred to in section 18 (2) (b), 18 (4) (a) (iii), 18 (6) (c) (ii) or 19 (or part thereof), conducted by or on behalf of the Council;

(i) to prescribe the manner in which an applicant shall apply for registration as a professional scientist or a scientist-in-training, to prescribe the fees which shall be payable to the Council in respect of any such registration and the annual fees which shall be payable to the Council by any person as long as he remains registered as a professional scientist or a scientist-in-training to determine what portion of such annual fees shall be payable in respect of any part of a year and the date on which such annual fees or portion thereof shall become due and payable, and to grant exemption from payment of such annual fees or portion thereof;

(j) subject to the provisions of this Act, to consider and decide upon any application for registration as a professional scientist or a scientist-in-training;

*Algemene bevoegdhede van Raad en bevoegdhede van die Minister betreffende sekere aangeleenthede ten opsigte waarvan die Raad aanbevelings gemaak het*

7. (1) Die Raad het die bevoegdheid—

(a) om 'n registrateur (wat ook as sekretaris vir die Raad moet optree) en ander amptenare aan te stel en te besoldig en om hul pligte en verantwoordelikhede te bepaal;

(b) om, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die prosedure op vergaderings van die Raad of 'n komitee van die Raad of die Adviserende Onderwyskomitee en die wyse waarop notule van die verrigtinge op die vergadering gehou moet word, te bepaal;

(c) om, behoudens die bepalings van artikel 10 (2) en 17, die aanbevelings van 'n komitee van die Raad of die Adviserende Onderwyskomitee te oorweeg en finaal daaroor te besluit;

(d) om die roerende of onroerende goed wat hy nodig ag vir die doeltreffende uitvoering van sy werksaamhede aan te skaf of te huur;

(e) om kontrakte aan te gaan en om te besluit op watter wyse kontrakte namens die Raad aangegaan moet word;

(f) om die fondse van die Raad in te samel en, behoudens die bepalings van subartikel (1) (d), dit of 'n gedeelte daarvan te belê by die Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika, 'n bankinstelling geregistreer ingevolge die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), 'n bouvereniging geregistreer ingevolge die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965), of die Hoofposkantoor, of in Staatseffekte, skatkisbewyse, verbande wat deur so 'n bankinstelling gewaarborg word, effekte wat deur die Regering gewaarborg word of effekte van 'n munisipale of afdelingsraad of openbare nutsmaatskappy;

(g) om die besoldiging en toelaes te bepaal wat betaalbaar is uit die fondse van die Raad aan lede van die Raad of van 'n komitee van die Raad of van die Adviserende Onderwyskomitee en om te bepaal of 'n bedrag op die fondse van die Raad verhaal behoort te word ten opsigte van toelaes betaal aan 'n lid van die Raad of 'n komitee van die Raad of die Adviserende Onderwyskomitee wat in diens van die Staat is;

(h) om die gelde te bepaal wat aan die Raad betaal moet word ten opsigte van 'n in artikel 18 (2) (b), 18 (4) (a) (iii), 18 (6) (c) (ii) of 19 bedoelde eksamen (of gedeelte daarvan) wat deur of namens die Raad afgeneem word;

(i) om die wyse waarop 'n applikant aansoek moet doen om registrasie as 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding voor te skryf, om die gelde wat aan die Raad betaal moet word ten opsigte van so 'n registrasie en die jaargelde wat aan die Raad betaal moet word deur 'n persoon solank hy as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer bly, voor te skryf, om dié gedeelte van sodanige jaargelde wat ten opsigte van 'n deel van 'n jaar betaalbaar is en die datum waarop sodanige jaargelde of gedeelte daarvan betaalbaar word, te bepaal en om vrystelling te verleen van die betaling van sodanige jaargelde of gedeelte daarvan;

(j) om, behoudens die bepalings van hierdie Wet, 'n aansoek om registrasie as 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding te oorweeg en daaroor te besluit;

(k) to decide upon the form of the register and certificates to be kept, maintained or issued under this Act, as well as the reviewing thereof and the manner in which alterations thereto may be effected;

(l) to recommend to the Minister the requirements with which an association shall comply in order to qualify for recognition as a professional scientific society for the purposes of this Act, to consider any application for such recognition and to submit a recommendation thereon to the Minister;

(m) to recommend to the Minister the tariff of fees according to which a professional scientist may calculate the amount chargeable by him in respect of the rendering by him of professional services;

(n) to recommend to the Minister the kinds of work in connection with projects, undertakings or services of a scientific nature which shall be reserved for professional scientists provided that teaching and research activities shall not be included in any such kinds of work to be reserved for professional scientists;

(o) subject to the provisions of this Act, to determine the method of enquiry into allegations of improper conduct of which any professional scientist or scientist-in-training is alleged to have been guilty;

(p) to take any steps which it may consider expedient for the protection of the public in dealings with professional scientists for maintaining the integrity, enhancing the status and improving the standard qualifications of professional scientists;

(q) to encourage research into matters relating to the science profession and to give advice or render financial or other assistance or both financial and other assistance, to any educational institution, professional scientific society or examining body, in regard to educational facilities for and the training and education of prospective scientists;

(r) at its discretion to finance, print, distribute and administer the publication of and generally to take any steps necessary to publish any information pertaining to the science profession and related matters;

(s) to advise the Minister on all matters relating to the science profession and related matters; and

(t) to take such other action and do such other things as may be required for the proper performance of its functions and duties under this Act.

(2) Subject to the provision of this Act, the Council shall maintain a register of professional scientists and scientists-in-training and such register shall at all reasonable times be open to inspection by any member of the public upon payment of such fee as the Council may prescribe.

(k) om te besluit oor die vorm van die register en sertifikate wat ingevolge hierdie Wet gehou, bygehou of uitgereik moet word, die hersiening daarvan en die wyse waarop veranderings daarop aangebring kan word;

(l) om by die Minister aan te beveel aan watter vereistes 'n vereniging moet voldoen om vir die doeleindes van hierdie Wet vir erkenning as 'n professionele natuurwetenskaplike vereniging te kwalifiseer, om 'n aansoek om sodanige erkenning te oorweeg en 'n aanbeveling daaromtrent aan die Minister voor te lê;

(m) om by die Minister aan te beveel wat die geldetarief moet wees waarvolgens 'n professionele natuurwetenskaplike die bedrag kan bereken waarop hy geregtig is ten opsigte van die lewering deur hom van professionele dienste;

(n) om by die Minister aan te beveel watter soorte werk in verband met projekte, ondernemings of dienste van 'n natuurwetenskaplike aard vir professionele natuurwetenskaplikes voorbehou moet word: Met dien verstande dat onderrig- en navorsingswerk nie ingesluit mag word by die soorte werk wat vir professionele natuurwetenskaplikes voorbehou word nie;

(o) om, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die metode te bepaal waarvolgens klagtes van onbehoorlike gedrag waaraan 'n professionele natuurwetenskaplike of natuurwetenskaplike-in-opleiding hom na bewering skuldig sou gemaak het, ondersoek moet word;

(p) om die stappe te doen wat hy raadsaam ag vir die beskerming van die publiek in hulle transaksies met professionele natuurwetenskaplikes, vir die handhawing van die integriteit, die verhoging van die status en die verbetering van die standaard van kwalifikasies van professionele natuurwetenskaplikes;

(q) om navorsing aangaande vraagstukke wat betrekking het op die natuurwetenskapberoep aan te moedig en om aan enige opvoedkundige inrigting, professionele natuurwetenskaplike vereniging of eksaminerende liggaam advies te gee of finansiële of ander hulp of finansiële sowel as ander hulp te verleen in verband met opvoedkundige fasiliteite vir en die opleiding en onderrig van voornemende natuurwetenskaplikes;

(r) om na goeddunke publikasies met betrekking tot die natuurwetenskapprofessie en verwante aangeleenthede te finansier, te druk en te versprei en die publikasie daarvan te administreer en om in die algemeen die stappe te doen wat nodig is om dit te publiseer;

(s) om die Minister van advies te bedien oor alle vraagstukke in verband met die natuurwetenskapprofessie en verwante aangeleenthede; en

(t) om die ander stappe te doen en die ander handelinge te verrig wat vir die behoorlike uitvoering van sy werksaamhede en pligte kragtens hierdie Wet vereis word.

(2) Die Raad moet, behoudens die bepalings van hierdie Wet, 'n register van professionele natuurwetenskaplikes en natuurwetenskaplikes-in-opleiding hou en byhou en sodanige register moet te alle redelike tye beskikbaar wees vir insae deur enige lid van die publiek teen betaling van die gelde wat die Raad voorskryf.

(3) The Minister may, after consideration and approval of any relevant recommendation made by the Council in terms of subsection (1)—

(a) (i) prescribe the requirements with which a professional association of scientists shall comply in order to qualify for recognition as a professional scientific society for the purposes of this Act;

(ii) consider any application for such recognition and grant the application of any such professional scientific society which complies with the prescribed requirements;

(b) prescribe the tariff of fees according to which a professional scientist may calculate the amount chargeable by him in respect of the rendering by him of professional services;

(c) prescribe the kinds of work in connection with projects, undertakings or services of a scientific nature which shall be reversed for professional scientists, provided that teaching and research activities shall not be included in any work so prescribed;

(4) Before any provision is made by virtue of subsection (3) (b) or (c), a notice setting forth the proposed provision shall be published by the Minister in the *Gazette* together with a notice intimating that it is proposed to make such provision under this section within a stated period, but not less than four weeks from the date of the said publication; and inviting interested persons to submit any objections to or representations concerning the proposed provision: Provided that if the Minister subsequently decides on any alternation in the provision published as aforesaid, as a result of any objection or representation submitted in respect thereof, it shall not be necessary to publish such alteration before finally making the provision in terms of this section.

(5) Provisions made under subsection (3) (c)—

(a) shall provide that—

(i) nothing therein contained shall prevent any person from practising any other statutorily recognised profession on condition that such person shall not style or hold himself out as a professional scientist unless he is so registered in terms of the Act; and

(ii) subject to this exercising direction and control and subject further to his assuming unconditional responsibility therefor, a professional Scientist may be assisted by a person or persons not registered as professional Scientists in the performance of the kinds of work prescribed in terms of subsection (3) (c); and

(b) may provide for the exclusion therefrom of work done under specified circumstances or for specified purposes or by or for specified persons or classes of perons or within or outside specified areas or classes of areas.

(6) Any provision made under subsection (1) (i), or any fees prescribed under subsection (1) or (2), shall be subject to the approval of the Minister, and any provision so made or fees so prescribed and any provision made under subsection (3), shall be made known by the Minister by notice in the *Gazette*.

(3) Die Minister kan, na oorweging en goedkeuring van 'n tersaaklike aanbeveling wat deur die Raad kragtens subartikel (1) gedoen is—

(a) (i) die vereistes voorskryf waaraan 'n professionele natuurwetenskaplike vereniging moet voldoen om vir die doeleindes van hierdie Wet vir erkenning as 'n professionele natuurwetenskaplike vereniging te kwalifiseer;

(ii) 'n aansoek om sodanige erkenning oorweeg en die aansoek van enige sodanige professionele natuurwetenskaplike vereniging wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, toestaan;

(b) die geldetarief voorskryf waarvolgens 'n professionele natuurwetenskaplike die bedrag kan bereken waarop hy geregtig is ten opsigte van die lewering deur hom van professionele dienste;

(c) die soorte werk in verband met projekte, ondernemings of dienste van 'n natuurwetenskaplike aard voorskryf wat vir professionele natuurwetenskaplikes gereserveer word: Met dien verstande dat onderrig- en navorsingswerk nie ingesluit mag word by die soorte werk wat aldus voorgeskryf word nie.

(4) Voordat enige voorsiening kragtens subartikel (3) (b) of (c) gemaak word, word 'n kennisgewing waarin die voorgestelde voorsiening uiteengesit word deur die Minister in die *Staatskoerant* gepubliseer, tesame met 'n kennisgewing ten effekte dat dit die voorneme is om sodanige voorsiening kragtens hierdie artikel binne 'n bepaalde tydperk, maar minstens vier weke vanaf die datum van genoemde publikasie, te maak en dat belanghebbende persone uitgenooi word om besware teen of vertoë aangaande die voorgestelde voorsiening voor te lê: Met dien verstande dat, indien die Minister daarna op enige verandering van die soos voormeld gepubliseerde voorsiening besluit, as gevolg van besware of vertoë ten opsigte daarvan voorgelê, dit nie nodig is om sodanige verandering te publiseer voordat die voorsiening uiteindelik ooreenkomstig hierdie artikel gemaak word nie.

(5) Voorsienings wat kragtens subartikel (3) (c) gemaak word—

(a) moet bepaal dat—

(i) niks daarin vervat enige persoon verhinder om enige ander statutêr-erkende beroep te beoefen nie, op voorwaarde dat sodanige persoon homself nie 'n professionele natuurwetenskaplike mag noem of as sodanig voordoen nie, tensy hy aldus kragtens die Wet geregistreer is; en

(ii) 'n professionele natuurwetenskaplike bygestaan kan word in die verrigting van die soorte werk wat ingevolge subartikel (3) (c) voorbehou is, deur 'n persoon of persone wat nie as professionele natuurwetenskaplikes geregistreer is nie onderworpe daaraan dat hy leiding en beheer uitoefen en onderworpe daaraan verder dat hy onvoorwaardelik verantwoordelikheid daarvoor aanvaar; en

(b) kan voorsiening maak vir die uitsluiting daarvan van werk wat gedoen word onder vermelde omstandighede of vir vermelde doeleindes of deur of vir vermelde persone of klasse persone of binne of buite vermelde gebiede of klasse gebiede.

(6) Enige voorsiening wat kragtens subartikel (1) (i) gemaak, of gelde wat kragtens subartikel (1) of (2) voorgeskryf word, is onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, en enige voorsiening aldus gemaak of gelde aldus voorgeskryf en enige voorsiening wat kragtens subartikel (3) gemaak word, word deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekendgemaak.

(7) Before any provision is made by virtue of subsection (1) (n) or (o), the Council shall refer the proposed provision to the Education Advisory Committee to enquire into and advise the Council upon or make recommendations to the Council in regard to it.

*Funds of Council and the keeping and auditing of accounts*

8. (1) The funds of the Council shall consist of the fees received by it in pursuance of any provision made under section 7, and such other moneys, including advances referred to in subsection (4), as may in terms of this Act become payable to the Council from time to time.

(2) The Council shall cause full and correct account to be kept of all moneys received or expended by it.

(3) The Council shall cause to be prepared in each year a statement of its income and expenditure during its last preceding financial year and a balance sheet showing its financial position at the end of that financial year and shall, after such statement and balance sheet has been audited by an auditor appointed by the Council, and cause a copy thereof to be open for inspection at its office by any professional scientist.

(4) (a) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance, advance to the Council out of moneys appropriated by Parliament, such amounts as he may deem necessary to enable the Council to carry out its functions.

(b) Any such advance shall be made on such conditions and shall be repayable at such time as the Minister may determine in consultation with the Minister of Finance.

*Reports to the Minister*

9. (1) The Council shall in each year, within six months after the close of its financial year, submit to the Minister a report in regard to its activities during that financial year, together with a copy of the audited statement of income and expenditure and the balance sheet referred to in section 8 (3) in respect of that financial year.

(2) The President of the Council shall from time to time submit to the Minister reports on matters relating to the activities of the Council which, in the opinion of the Council, should be brought to the Minister's notice.

(3) If at least eight members of the Council are dissatisfied with a decision taken by the Council on any matter within its purview in terms of this Act, they may inform the Minister that they are not in agreement with such decision and give their reasons, and the Minister may thereupon require the Council to furnish him with its observations in regard to such matter, together with any information which he may deem necessary.

(4) The Council shall, at the request of the Minister or the Secretary, advise the Minister or the Secretary on matters concerning the science profession or related matters, and shall communicate to the Minister information acquired by it in the course of its duties on matters it considers to be of public importance.

(5) The Minister shall lay copies of every report submitted to him under subsection (1), together with the annexures thereto, upon the table in the House of Assembly within fourteen days after receipt thereof if Parliament is in ordinary session at the time or, if Parliament is not in ordinary session, within 14 days after the commencement of its next ordinary session.

(7) Voordat enige voorsiening kragtens subartikel (1) (n) of (o) gemaak word, moet die Raad die voorgestelde voorsiening na die adviserende onderwyskomitee verwys om ondersoek daarna in te stel en met betrekking daartoe aan die Raad advies te verleen of aanbevelings te doen.

*Fondse van Raad en hou en ouditering van rekenings*

8. (1) Die fondse van die Raad bestaan uit die gelde deur hom ontvang uit hoofde van enige voorsiening kragtens artikel 7 gemaak, en die ander bedrae, insluitende voorskotte in subartikel (4) bedoel, wat van tyd tot tyd kragtens hierdie Wet aan die Raad betaalbaar word.

(2) Die Raad laat volledig en juis rekening hou van alle gelde wat hy ontvang of uitgee.

(3) Die Raad moet elke jaar 'n staat van sy inkomste en uitgawe vir sy jongste voorafgaande boekjaar, en 'n balansstaat aantonende sy geldelike toestand aan die einde van daardie boekjaar, laat opstel, en moet, nadat sodanige staat en balansstaat geouditeer is deur 'n ouditeur wat die Raad aanstel, afskrifte daarvan laat stuur aan elke lid van die Raad en 'n afskrif daarvan by sy kantoor ter insae van enige professionele natuurwetenskaplike laat lê.

(4) (a) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde deur die Parlement bewillig, die bedrae aan die Raad voorskiet wat hy nodig ag om die Raad in staat te stel om sy werksaamhede te verrig.

(b) So 'n voorskot word toegestaan op die voorwaardes en is terugbetaalbaar op die tye wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal.

*Verslae aan die Minister*

9. (1) Die Raad lê elke jaar, binne ses maande na afsluiting van sy boekjaar, aan die Minister 'n verslag voor in verband met die Raad se werksaamhede gedurende daardie boekjaar, tesame met 'n afskrif van die in artikel 8 (3) bedoelde geouditeerde staat van inkomste en uitgawes en balansstaat ten opsigte van daardie boekjaar.

(2) Die President van die Raad moet van tyd tot tyd verslae aan die Minister voorlê oor aangeleenthede in verband met die werksaamhede van die Raad wat na die oordeel van die Raad onder die aandag van die Minister behoort te kom.

(3) Indien minstens agt Raadslede ontevrede is met 'n Raadsbesluit oor 'n aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet binne die Raad se bevoegdhede val, kan hulle die Minister in kennis stel dat hulle dit nie met sodanige besluit eens is nie en hulle redes daarvoor vermeld, en die Minister kan daarna van die Raad eis dat hy sy opmerkings in verband met die aangeleentheid verstrek tesame met enige inligting wat die Minister nodig ag.

(4) Die Raad moet op versoek van die Minister of die Sekretaris aan die Minister of die Sekretaris advies verstrek oor vraagstukke in verband met die natuurwetenskapprofessie, of aanverwante aangeleenthede en moet inligting wat die Raad tydens die verrigting van sy pligte bekom omtrent aangeleenthede wat hy van openbare belang ag, aan die Minister meedeel.

(5) Die Minister moet afskrifte van elke verslag wat kragtens subartikel (1) aan hom voorgelê word, tesame met die aanhangsels daarby, in die Volksraad ter Tafel lê binne 14 dae na ontvangs daarvan as die Parlement dan in gewone sessie is, of, as die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

*Committees of the Council*

10. (1) (a) (i) The Council may establish Committees to assist it in the performance of its duties.

(ii) The members of such committees shall consist of members of the Council, or members of the Council and other persons who are either professional scientists or who are registrable as such in terms of the Act.

(b) One of the members of a committee shall be designated chairman of the committee by the Council.

(2) The Council may assign such of its powers as it may deem fit to a committee thus established, but shall not be deemed to be divested of any power which it may have assigned to a committee, and may amend or repeal any decision of any such committee: Provided that if the Council has assigned to a committee the power to determine whether or not any person shall be registered as a professional scientist or a scientist-in-training, or the power to cancel the registration of any person as a scientist or a scientist-in-training, or the power to inquire into any case of alleged improper conduct and to impose a punishment in respect thereof in accordance with the provisions of section 23, the Council shall not amend or repeal any decision arrived at or anything done by such committee under the power so assigned, but may, subject to the regulations, mitigate any punishment thus imposed by any committee.

(3) A committee to which the Council has assigned the power to, into any case of alleged improper conduct inquire and to impose a punishment in respect thereof in accordance with section 23 may, notwithstanding the expiry of the tenure of office of the members of that council, continue to exercise such powers until the conclusion of such enquiry, and such powers shall for the purposes of the practor to subsection (2) be deemed to have been assigned to the committee by the newly constitued council.

(4) Any reference in this Act to the Council or to the president of the Council in relation to the exercise of any power which the Council has assigned to a committee shall be construed as including a reference to that committee or to the chairman of that committee, as the case may be.

(5) The provisions of section 3 (6) shall apply *mutatis mutandis* in respect of a committee of the Council.

*Establishment of Education Advisory Committee*

11. The Minister shall establish an advisory committee to be known as the Education Advisory Council for Professional Scientists.

*Constitution of Education Advisory Committee*

12. (1) The Education Advisory Committeee shall consist of the following members, to be appointed by the Minister, namely:

(a) One representative of each university in the Republic, which representative shall be a professional scientist or registrable as such and a professor or lecturer at the university concerned and shall be nominated by the Senate of such university;

(b) two persons who shall be nominated by the Minister of National Education, and of whom at least one shall be on the staff of a technikon;

*Komitees van Raad*

10. (1) (a) (i) Die Raad kan komitees instel om hom by die verrigting van sy werksaamhede en pligte by te staan.

(ii) Die lede van sodanige komitees bestaan uit lede van die Raad, of uit lede van die Raad en ander persone wat òf professionele natuurwetenskaplikes is of registreerbaar is as professionele natuurwetenskaplikes.

(b) Een van die lede van 'n komitee word deur die Raad aangewys as voorsitter van die komitee.

(2) Die Raad kan na goeddunke van sy bevoegdhede aan 'n komitee wat aldus ingestel is, opdra, maar word nie geag van 'n bevoegdheid wat hy aan 'n komitee opgedra het, onthef te wees nie, en kan 'n besluit van so 'n komitee wysig of herroep: Met dien verstande dat indien die Raad aan 'n komitee die bevoegdheid opgedra het om te bepaal of iemand as 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer moet word al dan nie, of die bevoegdheid om registrasie van iemand as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding in te trek, of die bevoegdheid om ooreenkomstig die bepalings van artikel 23 'n geval van beweerde onbehoorlike gedrag te ondersoek en ten opsigte daarvan 'n straf op te lê, die Raad nie 'n besluit of iets wat uit hoofde van die bevoegdheid aldus opgedra, deur sodanige komitee geneem of gedoen is, kan wysig of herroep nie maar, behoudens die regulasies, enige straf deur enige komitee aldus opgelê, kan versag.

(3) 'n Komitee aan wie die Raad die bevoegdheid opgedra het om ooreenkomstig die bepalings van artikel 23 'n geval van beweerde onbehoorlike gedrag te ondersoek en ten opsigte daarvan 'n straf op te lê, kan, ondanks die verstryking van die ampsduur van die lede van daardie Raad, voortgaan om sodanige bevoegdhede uit te oefen totdat bedoelde ondersoek voltooi is, en sodanige bevoegdhede word by die toepassing van die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) geag aan die komitee deur die nuut saamgestelde Raad opgedra te gewees het.

(4) 'n Verwysing in hierdie Wet na die Raad of die President van die Raad met betrekking tot die uitoefening van 'n bevoegdheid wat die Raad aan 'n komitee opgedra het, word uitgelê ook as 'n verwysing na daardie komitee of na die voorsitter van daardie komitee, na gelang van die geval.

(5) Die bepalings van artikel 3 (6) is *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n komitee van die Raad van toepassing.

*Instelling van Adviserende Onderwyskomitee*

11. Die Minister stel 'n adviserende komitee in wat die Adviserende Onderwyskomitee vir Professionele Natuurwetenskaplikes heet.

*Samestelling van Adviserende Onderwyskomitee*

12. (1) Die Adviserende Onderwyskomitee bestaan uit die volgende lede wat deur die Minister aangestel moet word, naamlik:

(a) Een verteenwoordiger van elke universiteit in die Republiek, welke verteenwoordiger 'n dosent aan daardie universiteit en 'n professionele natuurwetenskaplike of registreerbaar as 'n professionele natuurwetenskaplike moet wees en genomineer moet word deur die senaat van daardie universiteit;

(b) twee persone wat genomineer moet word deur die Minister van Nasionale Opvoeding en van wie minstens een verbonde moet wees aan 'n technikon; en

(c) three persons who are not university teachers and who are selected by the Minister from a list of persons to be nominated by the Joint Council of Scientific Societies in order to accommodate, *inter alia*, those interests not adequately represented.

(2) For every member of the Education Advisory Committee appointed in terms of subsection (1), there shall be an alternate appointed in the same manner as such member.

(3) The provisions of section 3 (2) and (3) shall apply *mutatis mutandis* in respect of the appointment of a member of the Education Advisory Committee referred to in subsection 1 (a) and (c) and the provisions of section 3 (5) shall apply *mutatis mutandis* in respect of every person appointed as a member of the Education Advisory Committee and every person appointed as an alternate to such a member.

*Qualifications of members of Education Advisory Committee and circumstances under which offices are vacated*

13. (1) No person shall be appointed as a member of the Education Advisory Committee in terms of section 12 (1) (c), or as an alternate to any such member in terms of section 12 (2), unless he is a professional scientist.

(2) A member of the Education Advisory Committee shall vacate his office—

(a) if he was appointed under section 12 (1) (a) and ceases to be a professor or lecturer at the university concerned;

(b) if he was appointed under section 12 (1) (c) and ceases to be a member of a constituent professional scientific society of the Joint Council of Scientific Societies;

(c) if he was appointed under section 12 (1) (b) and ceases to be a member of the body by which he was nominated; or

(d) if he was appointed under section 12 (1) (c) and ceases to be a professional scientist;

and the provisions of section 4 (2) (a) to (g) inclusive shall apply *mutatis mutandis* in respect of any such member.

(3) The provisions of section 3 (6) shall apply *mutatis mutandis* in respect of the Education Advisory Committee.

*Tenure of office of members of the Education Advisory Committee*

14. (1) A member of the Education Advisory Committee shall be appointed for such period as the Minister may determine at the time of the appointment.

(2) Any person whose term of office as a member of the Education Advisory Committee has expired, shall be eligible for re-appointment.

*Chairman of Education Advisory Committee*

15. (1) The members of the Education Advisory Committee shall at the first meeting of that committee and thereafter as the occasion arises, out of their number elect a chairman of the committee and any person so elected shall hold office as such until the expiration of the period for which he was appointed a member of that committee or until he ceases to be a member thereof, whichever event first occurs.

(2) If the chairman of the Education Advisory Committee vacates his office before expiration of the period

(c) drie persone wat nie universiteitsdosente is nie wat deur die Minister gekies word uit 'n lys van persone wat genomineer moet word deur die Gesamentlike Raad van Natuurwetenskaplike Verenigings ten einde onder meer, onvoldoende verteenwoordigde belange te akkommodeer.

(2) Vir elke lid van die Adviserende Onderwyskomitee kragtens subartikel (1) aangestel, moet daar 'n plaasvervangende lid op dieselfde wyse as bedoelde lid aangestel word.

(3) Die bepalings van artikel 3 (2) en (3) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die aanstelling van 'n in subartikel 1 (a) of (e) bedoelde lid van die Adviserende Onderwyskomitee en die bepalings van artikel 3 (5) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van elke persoon wat as lid van die Adviserende Onderwyskomitee en elke persoon wat as plaasvervanger van so 'n lid aangestel word.

13. (1) Niemand word aangestel as 'n lid van die Adviserende Onderwyskomitee kragtens artikel 12 (1) (c) of as 'n plaasvervanger van so 'n lid kragtens artikel 12 (2) nie, tensy hy 'n professionele natuurwetenskaplike is.

(2) 'n Lid van die Adviserende Onderwyskomitee ontruim sy amp—

(a) as hy kragtens artikel 12 (1) (a) aangestel is en ophou om 'n dosent aan die betrokke universiteit te wees;

(b) as hy kragtens artikel 12 (1) (c) aangestel is en ophou om 'n lid te wees van 'n konstituerende professionele natuurwetenskaplike vereniging van die Gesamentlike Raad van Natuurwetenskaplike Verenigings;

(c) as hy kragtens artikel 12 (1) (b) aangestel is en hy ophou om lid te wees van die liggaam deur wie hy genomineer is; of

(d) as hy kragtens artikel 12 (1) (c) aangestel is en hy ophou om 'n professionele natuurwetenskaplike te wees;

en die bepalings van artikel 4 (2) (a) tot en met (g) is *mutatis mutandis* ten opsigte van so 'n lid van toepassing.

(3) Die bepalings van artikel 3 (6) is *mutatis mutandis* ten opsigte van die Adviserende Onderwyskomitee van toepassing.

*Ampsduur van lede van Adviserende Onderwyskomitee*

14. (1) 'n Lid van die Adviserende Onderwyskomitee word aangestel vir die tydperk wat die Minister ten tyde van die aanstelling bepaal.

(2) Iemand wie se ampstermyn as lid van die Adviserende Onderwyskomitee verstryk het, kan weer aangestel word.

*Voorsitter van Adviserende Onderwyskomitee*

15. (1) Die lede van die Adviserende Onderwyskomitee kies op die eerste vergadering van die komitee en daarna wanneer dit nodig word, een uit hul midde as voorsitter van die komitee en 'n aldus gekose persoon beklee sy amp as sodanig totdat die tydperk waarvoor hy aangestel is as lid van die komitee verstryk, of totdat hy ophou om 'n lid daarvan te wees, na gelang van watter gebeurtenis eerste voorval.

(2) Indien die voorsitter van die Adviserende Onderwyskomitee sy amp ontruim voor die verstryking van

for which he was appointed a member thereof, another member of the committee shall, subject to the provisions of subsection (1), be elected chairman in his place.

(3) If the chairman is absent from any meeting of the Education Advisory Committee or is not able to preside, the members present shall elect one of their number to preside at that meeting and the person so elected may during that meeting and until the chairman resumes duty, perform all the duties of the chairman.

*Appointment of members of Education Advisory Committee in other capacities*

16. Nothing in this Act contained shall be construed as precluding a member of the Education Advisory Committee from being appointed or from serving as—

(a) a member of the Council or as an alternate to such a member; or

(b) a member of a committee of the Council.

*Activities of Education Advisory Committee*

17. It shall be the function of the Education Advisory Committee to assist the Council generally in the performance of its functions and duties in terms of this Act and to enquire into and advise upon or make recommendations in regard to any matter which the Council in the performance of its functions in terms of this Act may refer to the Committee either specifically or generally or which has been raised by the Committee of its own accord and more particularly in regard to the matters referred to in sections 7 (1) (b), (1), (n), (o), (p), (q) and (r) and sections 18 (2) (b), 18 (4) (a) (iii), 18 (6) (c) (ii) and 19.

*Registration of professional scientists and scientists-in-training*

18. (1) Any person who desires to be registered as a professional scientist or a scientist-in-training shall lodge with the Council, in the manner prescribed by it, an application in writing for such registration, and such application shall be accompanied by the prescribed registration fee and such information as may be required by the Council.

(2) If after consideration of any such application the Council is satisfied that the applicant—

(a) is not less than 21 years of age and is ordinarily resident in the Republic; and

(b) has passed the prescribed examinations or any examinations recognised by the Council for the purposes of this paragraph; and

(c) was at the date of commencement of this Act engaged in the performance of scientific work which in the opinion of the Council is of sufficient variety and of a satisfactory nature and standard, and had been so engaged for a period of at least three years prior to that date in the case of a person with a four-year bachelor's degree in the natural sciences or equivalent academic qualification, or at least two years in the case of a person with a master's degree in the natural sciences or equivalent academic qualification; or at least one year in the case of a person with a doctorate in the natural sciences or equivalent academic qualification; or

(d) has, for such period as may from time to time be determined by the Council, performed scientific work which in the opinion of the Council is of sufficient variety and of a satisfactory nature and standard;

die tydperk waarvoor hy as 'n lid daarvan aangestel is, word, behoudens die bepalings van subartikel (1), 'n ander lid van die komitee in sy plek as voorsitter gekies.

(3) Indien die voorsitter van 'n vergadering van die Adviserende Onderwyskomitee afwesig is of nie as voorsitter kan optree nie, moet die aanwesige lede een uit hul midde kies om op daardie vergadering voor te sit en die persoon aldus gekies om voor te sit, kan gedurende daardie vergadering en totdat die voorsitter sy ampspligte hervat, al die pligte van die voorsitter verrig.

*Aanstelling van lede van Adviserende Onderwyskomitee in ander hoedanighede*

16. Niks wat in hierdie Wet vervat is nie, word so uitgelê dat dit 'n lid van die Adviserende Onderwyskomitee belet om aangestel te word of te dien as—

(a) 'n lid van die Raad of as 'n plaasvervanger van so 'n lid; of

(b) 'n lid van 'n komitee van die Raad.

*Werksaamhede van Adviserende Onderwyskomitee*

17. Die funksie van die Adviserende Onderwyskomitee is om in die algemeen die Raad by die verrigting van sy werksaamhede en pligte kragtens hierdie Wet by te staan en om ondersoek in te stel na en advies te verleen of aanbevelings te doen met betrekking tot enige aangeleentheid wat die Raad by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet, hetsy spesifiek of in die algemeen. na die komitee verwys of wat uit eie beweging deur die komitee geopper is, en meer bepaald met betrekking tot aangeleenthede in artikels 7 (1) (b), (1), (n), (o), (p), (q) en (r) en artikels 18 (2) (b), 18 (6) (c) (ii) en 19 bedoel.

*Registrasie van professionele natuurwetenskaplikes en natuurwetenskaplikes-in-opleiding*

18. (1) Iemand wat begerig is om as 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer te word, moet 'n skriftelike aansoek om sodanige registrasie by die Raad indien op die wyse deur die Raad voorgeskryf en sodanige aansoek moet vergesel gaan van die voorgeskrewe registrasiegelde en die inligting wat die Raad verlang.

(2) Indien die Raad na oorweging van so 'n aansoek oortuig is dat die aansoeker—

(a) minstens 21 jaar oud is en gewoonlik in die Republiek woonagtig is; en

(b) geslaag het in die voorgeskrewe eksamens of in eksamens wat die Raad vir die doeleindes van hierdie paragraaf erken; en

(c) op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet besig was met die verrigting van natuurwetenskaplike werk wat na die oordeel van die Raad van voldoende verskeidenheid en bevredigende aard en standaard is, en vir 'n tydperk van minstens drie jaar in die geval van 'n persoon met 'n vierjarige baccalaureusgraad in die natuurwetenskappe of 'n ekwivalente akademiese kwalifikasie, of minstens twee jaar in die geval van 'n persoon met 'n magistergraad in die natuurwetenskappe of ekwivalente akademiese kwalifikasie of minstens een jaar in die geval van 'n persoon met 'n doktorsgraad in die natuurwetenskappe of 'n ekwivalente akademiese kwalifikasie voor daardie datum aldus besig was; of

(d) vir die tydperk wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, natuurwetenskaplike werk verrig het wat na die oordeel van die Raad van voldoende verskeidenheid en bevredigende aard en standaard is;

the Council shall, subject to the provisions of subsection (7), register the applicant as a professional scientist and issue to him a certificate of registration in the prescribed form.

(3) (a) If, after consideration of any such application, the Council is satisfied that the applicant is ordinarily resident in the Republic and complies with the requirement mentioned in subsection (2) (b) but not with the requirements mentioned in subsection (2) (c) or (d), the Council shall, if the applicant so requests, register the applicant as a scientist-in-training and issue to him a certificate of registration to that effect in the prescribed form.

(b) When a person who is registered as a scientist-in-training in terms of paragraph (a) has complied with the requirement mentioned in subsection (2) (d), and the Council is satisfied that he is not less than 21 years of age, the Council shall, subject to the provisions of subsection (7), on application in the prescribed form, cancel the registration of such person and register him in terms of subsection (2).

(4) Any person who—

(a) (i) is not less than 50 years of age and is ordinarily resident in the Republic; and

(ii) has had not less than 25 years experience in scientific work of a kind prescribed in terms of section 7 (3) (c) (of which not less than 10 years has been gained while in control of such work which in the opinion of the Council, was of an important nature) or in scientific work which in the opinion of the Council is of sufficient variety and of a satisfactory nature and standard; and

(iii) has passed such examination (if any) as the Council may determine; or

(b) is normally resident in the Republic and at the date of commencement of this Act, was engaged in the performance of scientific work which in the opinion of the Council is of sufficient variety and of a satisfactory nature and standard and had been so engaged during a period of not less than three years prior to that date;

shall be deemed to have complied with the requirement for registration mentioned in subsection (2) (b).

(5) No person shall be registered as a professional scientist by virtue of the provisions of subsection (4) (b) unless he applied to the Council to be so registered within six months after the date of commencement of this Act, or within such further period as the Council may in any particular case allow.

(6) (a) Any person not ordinarily resident in the Republic may apply to the Council for temporary registration as a professional scientist;

(b) The application shall be in the prescribed form and shall be accompanied by the prescribed registration fee and such information as may be required by the Council;

(c) If, after consideration of any such application the Council is satisfied that the applicant—

(i) is not less than 21 years of age;

(ii) has passed the prescribed examinations or any examinations recognised by the Council for the purposes of this paragraph; and

(iii) has for such period as may from time to time be determined by the Council, performed scientific work which in the opinion of the Council is of sufficient variety and of a satisfactory nature and standard;

moet die Raad, behoudens die bepalings van subartikel (7), die applikant as 'n professionele natuurwetenskaplike registreer en aan hom 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik.

(3) (a) Indien die Raad na oorweging van so 'n aansoek oortuig is dat die applikant gewoonlik in die Republiek woonagtig is en aan die in subartikel (2) (b) vermelde vereistes voldoen, maar nie aan die in subartikel (2) (c) of (d) vermelde vereistes nie, moet die Raad, indien die applikant aldus versoek, die applikant as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding registreer en aan hom 'n registrasiesertifikaat te dien effekte in die voorgeskrewe vorm uitreik.

(b) Wanneer 'n persoon wat kragtens paragraaf (a) as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer is aan die in subartikel (2) (d) vermelde vereiste voldoen het, en die Raad oortuig is dat hy minstens 21 jaar oud is, moet die Raad behoudens die bepalings van subartikel (7), op aansoek in die voorgeskrewe vorm, die registrasie van sodanige persoon kanselleer en hom kragtens subartikel (2) registreer.

(4) Iemand wat—

(a) (i) minstens 50 jaar oud is en gewoonlik in die Republiek woonagtig is;

(ii) minstens 25 jaar ondervinding opgedoen het van natuurwetenskaplike werk van 'n soort wat kragtens artikel 7 (3) (c) voorgeskryf is (waarvan minstens 10 jaar opgedoen moes gewees het in beheer van sodanige werk wat na die oordeel van die Raad van 'n belangrike aard was) of van natuurwetenskaplike werk wat na die oordeel van die Raad van voldoende verskeidenheid en bevredigende aard en standaard is; en

(iii) in die eksamens wat die Raad bepaal (as daar is), geslaag het; of

(b) gewoonlik in die Republiek woonagtig is en, op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, besig was was met die verrigting van natuurwetenskaplike werk wat na die oordeel van die Raad van voldoende verskeidenheid en bevredigende aard en standaard is en vir 'n tydperk van minstens 10 jaar voor daardie datum aldus besig was;

word geag aan die in subartikel (2) (b) vermelde vereiste vir registrasie te voldoen het.

(5) Niemand word uit hoofde van die bepalings van subartikel (4) (b) as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer nie, tensy hy binne ses maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, of binne die verdere tydperk wat die Raad in 'n besondere geval toelaat, by die Raad aansoek gedoen het om aldus geregistreer te word.

(6) (a) Iemand wat nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie, kan by die Raad aansoek doen om tydelik as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer te word.

(b) Die aansoek moet in die voorgeskrewe vorm wees en moet vergesel gaan van die voorgeskrewe registrasiegelde en die inligting wat die Raad verlang.

(c) Indien die Raad na oorweging van so 'n aansoek oortuig is dat die applikant—

(i) minstens 21 jaar oud is;

(ii) geslaag het in die voorgeskrewe eksamens of in eksamens wat die Raad vir die doeleindes van hierdie paragraaf erken; en

(iii) vir die tydperk wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, natuurwetenskaplike werk verrig het wat na die oordeel van die Raad van voldoende verskeidenheid en bevredigende aard en standaard is;

the Council may, subject to the provisions of subsection (7), register the applicant as a professional scientist and issue to him a certificate of temporary registration in the prescribed form.

(d) A certificate of temporary registration shall be valid for such period, not exceeding 12 months, as the Council may in each case determine, but the person concerned may at any time again apply in terms of this section for temporary registration as a professional scientist.

(7) The Council may refuse to register any person as a professional scientist or as a scientist-in-training under this section—

(a) if he has at any time been removed from an office of trust on account of improper conduct; or

(b) if he has at any time been convicted of extortion, bribery, theft, fraud, forgery or uttering a forged document or perjury and sentenced in respect thereof to imprisonment without the option of a fine or to a fine exceeding R200; or

(c) if he is according to the law detained as a mentally ill person; or

(d) if he is disqualified from registration in terms of a punishment imposed under this Act; or

(e) if he is an unrehabilitated insolvent or has entered into an arrangement with his creditors; or

(f) if he has been guilty of conduct by reason of which he is in the opinion of the Council not a fit person to be registered.

(8) The Council may cancel the registration as a professional scientist or a scientist-in-training of any person who subsequent to his registration becomes subject to any of the disqualifications mentioned in subsection (7) (a), (b), (c) or (d) or whose estate is sequestrated or who enters into an arrangement with his creditors or who was within a period of three years prior to his registration or is subsequent to his registration guilty of conduct by reason whereof he is in the opinion of the council not a person fit to be registered, or whose registration was made in error or on information subsequently proved to be false.

(9) The registration of any person as a professional scientist or as a scientist-in-training, as the case may be, shall lapse if such person—

(a) not being a person registered under subsection (6), ceases to be ordinarily resident in the Republic; or

(b) fails to pay any annual fee or portion thereof prescribed under section 7 (1) (i) and payable by him within six months after such fee or portion thereof becomes due or within such further period as the Council may in any particular case allow.

(10) The Council shall at the written request of any professional scientist or of any scientist-in-training remove his name from the register, but the removal shall not affect any liability incurred by such professional scientist or scientist-in-training prior to the date of such request.

(11) Subject to the provisions of subsection (7), the Council shall on application to it register as a

kan die Raad, behoudens die bepalings van subartikel (7), die applikant as 'n professionele natuurwetenskaplike registreer en aan hom 'n tydelike registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik.

(d) 'n Tydelike registrasiesertifikaat is geldig vir die tydperk, 12 maande nie te bowe gaande nie, wat die Raad in elke geval bepaal, maar die betrokke persoon kan te eniger tyd weer kragtens hierdie artikel aansoek doen om tydelike registrasie as 'n professionele natuurwetenskaplike.

(7) Die Raad kan weier om 'n persoon as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding ingevolge hierdie artikel te registreer—

(a) as hy te eniger tyd weens onbehoorlike gedrag van 'n vertrouensamp onthef is; of

(b) as hy te eniger tyd veroordeel is weens afpersing, omkopery, diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgifte van 'n vervalste dokument of meineed, en ten opsigte daarvan tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of tot 'n boete van meer as R200 gevonnis is; of

(c) as hy volgens die reg as 'n geestesongestelde aangehou word; of

(d) as hy ingevolge 'n straf wat kragtens hierdie Wet opgelê is, onbevoeg vir registrasie verklaar is; of

(e) as hy 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is of met sy skuldeisers 'n ooreenkoms aangegaan het; of

(f) as hy hom skuldig gemaak het aan gedrag as gevolg waarvan hy na die oordeel van die Raad nie 'n geskikte persoon is om geregistreer te word nie.

(8) Die Raad kan die registrasie as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding kanselleer van 'n persoon wat na sy registrasie aan 'n in subartikel (7) (a), (b), (c) of (d) vermelde diskwalifikasie onderhewig word of wie se boedel gesekwestreer word of wat 'n ooreenkoms met sy skuldeisers aangaan of wat hom binne 'n tydperk van drie jaar voor sy registrasie skuldig gemaak het of hom ná sy registrasie skuldig maak aan gedrag as gevolg waarvan hy na die oordeel van die Raad nie 'n geskikte persoon is om geregistreer te wees nie of wat per abuis geregistreer is of geregistreer is op grond van inligting wat daarna bewys word vals te wees.

(9) Die registrasie van 'n persoon as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, na gelang van die geval, verval as sodanige persoon—

(a) terwyl hy nie iemand is wat kragtens subartikel (6) geregistreer is nie, ophou om gewoonlik in die Republiek woonagtig te wees; of

(b) versuim om jaargelde of 'n gedeelte daarvan wat kragtens artikel 7 (1) (i) voorgeskryf is en deur hom betaalbaar is, te betaal binne ses maande nadat sodanige gelde of gedeelte daarvan betaalbaar word of binne die verdere tydperk wat die Raad in 'n besondere geval toelaat.

(10) Die Raad moet, op skriftelike versoek van 'n professionele natuurwetenskaplike of van 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, sy naam uit die register skrap maar die skrapping het geen uitwerking op enige aanspreeklikheid waaraan sodanige professionele natuurwetenskaplike of natuurwetenskaplike-in-opleiding voor die datum van sodanige versoek onderhewig geword het nie.

(11) Behoudens die bepalings van subartikel (7), moet die Raad op aansoek by hom 'n persoon wat

professional scientist or as a scientist-in-training any person who was previously registered as a professional scientist under subsection (2) or as a scientist-in-training under subsection (3), as the case may be, if he has paid the prescribed registration fee and any arrear annual fee or portion thereof prescribed under section 7 (1) (i), and possesses the prescribed residential qualifications.

(12) A person who is registered as a professional scientist or as a scientist-in-training may describe himself as a professional scientist or as a scientist-in-training, as the case may be, and a person who is registered as a professional scientist shall, if he has paid the annual fee or portion thereof prescribed under section 7 (1) (i), be entitled—

(a) to describe himself as a professional scientist and to carry on his profession in any part of the Republic; and

(b) to indicate his profession or to make it known by using for all purposes the title Pr. Sci. Nat. after his name.

(13) Before any examinations are recognised or determined by the Council as contemplated by subsection (2) (b), (4) (a) (iii), or (6) (c) (ii), the Council shall refer the proposed recognition or determination to the Education Advisory Committee to enquire into it and advise the Council upon or make recommendations to the Council in regard to it.

(14) The examinations prescribed in connection with any four-year bachelor's degree, Master's degree and doctorate in the natural sciences awarded by a university in the Republic on the date on which this Act comes into operation shall, for the purposes of subsections (2) (b) and (6) (c) (ii), be deemed to be recognised by the Council.

*Examinations envisaged by section* 18 (2) (b) *or* 18 (6) (c) (ii) *to be prescribed by regulation*

19. The prescribed examinations envisaged by section 18 (2) (b) or 18 (6) (c) (ii) are the examinations prescribed from time to time by the Minister.

*Circumstances under which certificates of registration shall be returned to registrar*

20. (1) Any person whose registration as a professional scientist or as a scientist-in-training, as the case may be, has been cancelled in terms of section 18 (8) or has lapsed in terms of section 18 (9) or whose name has been removed from the register in terms of section 18 (10), shall return to the registrar his certificate of registration within 30 days from the date upon which he is directed by the registrar by notice in writing transmitted by post to do so.

(2) Any person who fails to comply with any direction given under subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100.

voorheen kragtens subartikel (2) as 'n professionele natuurwetenskaplike of kragtens subartikel (3) as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer was, as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, na gelang van die geval, geregistreer indien hy die voorgeskrewe registrasiegelde en enige verskuldigde jaargelde of gedeelte daarvan kragtens artikel 7 (1) (i) voorgeskryf, betaal het en die voorgeskrewe woonkwalifikasies besit.

(12) Iemand wat as 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer is, kan homself as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, na gelang van die geval, beskryf, en iemand wat as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer is, is, indien hy die jaargelde of gedeelte daarvan kragtens artikel 7 (1) (i) voorgeskryf, betaal het, geregtig—

(a) om homself as 'n professionele natuurwetenskaplike te beskryf en om sy professie in enige deel van die Republiek te beoefen; en

(b) om sy professie aan te dui of bekend te maak deur vir alle doeleindes van die betiteling Pr. Sci. Nat. agter sy naam gebruik te maak.

(13) Voordat enige eksamens deur die Raad soos deur subartikels (2) (b), (4) (a) (iii) of (6) (c) (ii) beoog, erken of bepaal word, moet die Raad die voorgestelde erkenning of bepaling na die Adviserende Onderwyskomitee verwys om ondersoek daarna in te stel en met betrekking daartoe aan die Raad advies te verleen of aanbevelings te doen.

(14) Die eksamens voorgeskryf in verband met enige vierjarige baccalaureusgraad, magistergraad of doktorsgraad in die natuurwetenskappe wat op datum van die inwerkingtreding van die Wet toegeken word deur 'n universiteit in die Republiek word vir doeleindes van subartikels (2) (b) en (6) (c) (ii) geag erken te word deur die Raad.

*Voorgeskrewe eksamens beoog deur artikel* 18 (2) (b) *of* 18 (6) (c) (ii) *moet by regulasie voorgeskryf word*

19. Die voorgeskrewe eksamens wat deur artikel 18 (2) (b) of 18 (6) (c) (ii) beoog word, is die eksamens wat van tyd tot tyd deur die Minister voorgeskryf word.

*Omstandighede waaronder sertifikate van registrasie aan die registrateur terugbesorg moet word*

20. (1) Iemand wie se registrasie as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, na gelang van die geval, kragtens artikel 18 (8) gekanselleer is of kragtens artikel 18 (9) verval het of wie se naam kragtens artikel 18 (10) uit die register geskrap is, moet sy registrasiesertifikaat aan die registrateur terugbesorg binne 30 dae vanaf die datum waarop hy deur die registrateur by skriftelike kennisgewing deur die pos gestuur, gelas is om dit te doen.

(2) Iemand wat versuim om te voldoen aan 'n lasgewing kragtens subartikel (1), is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100.

*Prohibition on practice as professional scientist by unregistered persons*

21. (1) Subject to any exemption granted in terms of this Act or the regulations, any person not registered as a professional scientist who—

(a) for reward performs any kind of work reserved for professional scientists in terms of section 8 (3) (c); or

(b) pretends to be or by any means whatsoever holds himself out or allows himself to be held out as a professional scientist or uses the name professional scientist or any name, title, description or symbol indicating or calculated to lead persons to infer that he is registered as a profesional scientist;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000.

(2) Subject to any exemption granted under this Act, any company or other juristic person, excluding any University, which—

(a) for reward performs or causes to be performed for any other person, whether a natural or juristic person, by any person, whether registered as a professional scientist or not, any kind of work reserved for professional scientists under section 7 (3) (c); or

(b) pretends to be or by any means whatsoever holds itself out or allows itself to be held out as a company or other juristic person performing any kind of work reserved for professional scientists under section 7 (3) (c), or uses any name, title, description or symbol indicating or calculated to lead persons to infer that it is a company or other juristic person performing any kind of work so reserved for professional scientists;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000.

(3) Subject to the Minister's prior approval being obtained, the provisions of this section shall not be construed as prohibiting—

(a) any Minister of State, Administrator or officer charged with the administration of any law from appointing or authorising or approving the appointment of any person not registered as a professional scientist in terms of this Act as a scientist in respect of or for work required to be undertaken for the purposes of that law, where in the opinion of such Minister, Administrator or officer a person so registered is not readily available or where by reason of the nature or extent of the work involved, or any other circumstance contemplated by such law, the appointment of a person so registered is not warranted; or

(b) any person who has been so appointed or whose appointment has been so authorised or approved, from doing any work in respect of or for which he has been so appointed or in respect of or for which his apointment has been so authorised or approved.

*Verbod op praktyk as professionele natuurwetenskaplikes deur ongeregistreerde persone*

21. (1) Behoudens enige vrystelling verleen ingevolge hierdie Wet of die regulasies, is iemand wat nie as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer is nie en wat—

(a) vir vergoeding enige soort werk doen wat kragtens artikel 7 (3) (c) vir professionele natuurwetenskaplikes voorbehou is; of

(b) homself voordoen as of hom op enige wyse hoegenaamd uitgee of toelaat dat hy uitgegee word vir 'n professionele natuurwetenskaplike, of die naam van professionele natuurwetenskaplike of enige naam, titel, beskrywing of simbool gebruik wat aandui of daarop bereken is om die indruk by persone te wek dat hy as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer is;

aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000.

(2) Behoudens 'n vrystelling kragtens hierdie Wet is 'n maatskappy of ander regspersoon, uitgesonderd 'n universiteit, wat—

(a) teen vergoeding vir iemand anders, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon, enige soort werk wat kragtens artikel 7 (3) (c) vir professionele natuurwetenskaplikes gereserveer is, doen of deur enige persoon, hetsy as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer of nie, laat doen; of

(b) homself voordoen as of hom op enige wyse hoegenaamd uitgee of toelaat dat hy uitgegee word as 'n maatskappy of ander regspersoon wat enige soort werk doen wat kragtens artikel 7 (3) (c) vir professionele natuurwetenskaplikes gereserveer is, of enige naam, titel, beskrywing of simbool gebruik wat aandui of daarop bereken is om die indruk by persone te wek dat hy 'n maatskappy of ander regspersoon is wat enige soort werk doen wat aldus vir professionele natuurwetenskaplikes gereserveer is;

aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000.

(3) Onderworpe daaraan dat die Minister se voorafgaande goedkeuring verkry word, word die bepalings van hierdie artikel nie so uitgelê dat dit—

(a) 'n staatsminister, administrateur of amptenaar belas met die uitvoering van 'n wet belet om iemand wat nie kragtens hierdie Wet as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer is nie, as natuurwetenskaplike ten opsigte van of vir werk wat vir die doeleindes van daardie wet onderneem moet word, aan te stel, of sy aanstelling as sodanig te magtig of goed te keur nie, indien na die oordeel van sodanige Minister, Administrateur of amptenaar 'n aldus geregistreerde persoon nie geredelik beskikbaar is nie of indien, met die oog op die aard of omvang van die betrokke werk of ander omstandighede in bedoelde wet beoog, die aanstelling van 'n aldus geregistreerde persoon nie geregverdig is nie; of

(b) iemand wat aldus aangestel is of wie se aanstelling aldus gemagtig of goedgekeur is, belet om enige werk te doen ten opsigte waarvan of waarvoor hy aldus aangestel is of ten opsigte waarvan of waarvoor sy aanstelling aldus gemagtig of goedgekeur is nie.

(4) Subsection 1 (a) shall, except in so far as it relates to a person engaged in private professional consulting practice, come into operation upon a date to be fixed by the Minister after consultation with the Council by notice in the *Gazette* and which shall not be earlier than five years after the date of commencement of this Act.

(5) Subsection 1 (a) in so far as it relates to a person engaged in private professional consulting practice, and subsection 1 (b) shall come into operation upon a date six months after a date to be fixed by the Minister, after consultation with the Council, by notice in the *Gazette*: Provided that the Minister may, if he deems fit, extend such period generally by notice in the *Gazette* or, in respect of a specific person, by a certificate issued by direction of the Minister under the hand of the registrar, for such further period and upon such terms as the Minister may, on the recommendation of the Council, deem expedient.

(6) Subsection (2) shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

*Improper conduct*

22. (1) Any person registered as a professional scientist or as a scientist-in-training, as the case may be, shall be guilty of improper conduct if he—

(a) except with the consent of the Council or except in terms of any exemption granted under this Act or the regulations, knowingly entrusts to any person not registered as a professional scientist, work of a kind reserved for professional scientists in terms of section 7 (3) (c); or

(b) performs work of a kind reserved for professional scientists in terms of section 7 (3) (c) in connection with any matter which is the subject of dispute or litigation, on condition that payment for such work shall be made only if such dispute or litigation ends favourably for the party for whom such work is performed; or

(c) accepts remuneration for services of a kind reserved for professional scientists in terms of section 7 (3) (c) from any person other than his client or employer; or

(d) performs work of a kind reserved for professional scientists in terms of section 7 (3) (c) during any period for which he has been suspended; or

(e) commits a criminal offence in the course of carrying on his profession; or

(f) contravenes or fails to comply with any rule prescribed in terms of section 26 (1) (e).

(2) The acquittal or the conviction of a professional scientist or a scientist-in-training by a court of law upon a criminal charge shall not be a bar to proceedings against him under this Act on a charge of improper conduct, notwithstanding the fact that the facts set forth in the charge of improper conduct would, if proved, constitute the offence set forth in the criminal charge on which he was so acquitted or convicted or another offence on which he might have been convicted at his trial on the said criminal charge.

(4) Subartikel 1 (a) tree in werking, behalwe vir sover dit betrekking het op iemand wat 'n private professionele raadgewende praktyk uitoefen, op 'n datum wat die Minister na oorlegpleging met die Raad by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal en wat nie vroeër as vyf jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet mag wees nie.

(5) Subartikel (1) (a), vir sover dit betrekking het op iemand wat 'n private professionele raadgewende praktyk uitoefen, en subartikel (1) (b) tree in werking op die datum ses maande na 'n datum wat die Minister na oorlegpleging met die Raad by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal: Met dien verstande dat waar die Minister dit goedvind hy sodanige tydperk òf in die algemeen by kennisgewing in die *Staatskoerant*, òf ten opsigte van 'n spesifieke persoon deur 'n sertifikaat uitgereik in opdrag van die Minister onder die hand van die registrateur, vir die verdere tydperk en op die voorwaardes wat die Minister op aanbeveling van die Raad dienstig ag, kan verleng.

(6) Subartikel (2) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

*Onbehoorlike gedrag*

22. (1) Iemand wat as 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, na gelang van die geval, geregistreer is, is skuldig aan onbehoorlike gedrag as hy—

(a) behalwe met die toestemming van die Raad, of behalwe ingevolge enige vrystelling verleen kragtens hierdie Wet of die regulasies, wetens werk van 'n soort wat vir professionele natuurwetenskaplikes kragtens artikel 7 (3) (c) gereserveer is, aan 'n persoon opdra wat nie as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer is nie; of

(b) werk van 'n soort wat vir professionele natuurwetenskaplikes kragtens artikel 7 (3) (c) gereserveer is, verrig in verband met 'n aangeleentheid wat die onderwerp van 'n geskil of regsgeding uitmaak, op voorwaarde dat betaling vir sodanige werk sal geskied slegs indien sodanige geskil of geding gunstig verloop vir die persoon vir wie die werk gedoen word; of

(c) besoldiging vir gelewerde dienste van 'n soort wat kragtens artikel 7 (3) (c) vir professionele natuurwetenskaplikes gereserveer is ontvang van iemand anders as sy kliënt of werkgewer; of

(d) werk van 'n soort wat vir professionele natuurwetenskaplikes kragtens artikel 7 (3) (c) gereserveer is, verrig gedurende 'n tydperk waartydens hy geskors is; of

(e) 'n kriminele misdryf in die loop van die uitoefening van sy professie begaan; of

(f) 'n reël voorgeskryf kragtens artikel 26 (1) (e) oortree of versuim om daaraan te voldoen.

(2) Die vryspreking of die skuldigbevinding van 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding deur 'n geregshof op 'n kriminele aanklag, belet nie dat stappe ingevolge hierdie Wet op 'n aanklag van onbehoorlike gedrag teen hom ingestel word nie ondanks die feit dat die feite uiteengesit in die aanklag van onbehoorlike gedrag, as dit bewys sou word, die misdryf sou uitmaak wat uiteengesit is in die kriminele aanklag waarop hy aldus vrygespreek of skuldig bevind is of 'n ander misdryf waaraan hy by sy verhoor op bedoelde kriminele aanklag skuldig bevind kon gewees het.

(3) If the improper conduct with which the professional scientist or scientist-in-training is charged amounts to an offence of which he has been convicted by a court of law, a certified copy of the record of his trial and conviction by that court shall, upon the identification of such professional scientist or scientist-in-training as the person referred to in the record, be sufficient proof of commission by him of such offence, unless the conviction has been set aside by a superior court: Provided that it shall be competent for the professional scientist or scientist-in-training charged to produce evidence that he was in fact wrongly convicted.

(4) Whenever in the course of any proceedings before any court of law or in the course of an investigation in terms of any law it appears to the court or to the person in charge of the investigation, as the case may be, that there is prima facie evidence of improper or disgraceful conduct on the part of a professional scientist, or a scientist-in-training, or conduct which, with due regard to the profession of a professional scientist or a scientist-in-training, is improper or disgraceful, the court or the person in charge of the investigation, as the case may be, shall direct that a copy of the record of the proceedings or the investigation or such part thereof as is material to the issue, be transmitted to the Council.

*Disciplinary powers of Council*

23. (1) The Council shall have the power to enquire into cases of improper conduct of which a person who is registered as a professional scientist or as a scientist-in-training is alleged to have been guilty while so registered and to impose in respect thereof any punishment prescribed under section 26 (1) (f): Provided that in the case of alleged improper conduct which forms or which the Council has reason to believe is likely to form the subject of criminal or civil proceedings in a court of law, the Council may postpone the enquiry until such proceedings have been completed.

(2) Whenever any punishment imposed under subsection (1) consists of or includes any fine, the amount thereof shall be recoverable by the Council from the person concerned and be paid into the funds of the Council.

*Enquiry by Council*

24. (1) For the purpose of any enquiry under section 23, the Council may—

(a) summon any person who in its opinion may be able to give material information concerning the subject of the enquiry or who is believed to have in his possession or custody or under his control any book, document or thing which has any bearing on the subject of the enquiry, to appear before it at a time and place specified in the summons, to be interrogated or to produce that book, document or thing, and retain for examination any book, document or thing so produced;

(b) call and, by its president, administer an oath to, or accept an affirmation from, any person present at the enquiry who was or could have been summoned in terms of paragraph (a) and interrogate him and require him to produce any book,

(3) As die onbehoorlike gedrag waarvan die professionele natuurwetenskaplike of natuurwetenskaplike-in-opleiding aangekla word, neerkom op 'n misdryf waaraan hy deur 'n geregshof skuldig bevind is, is 'n gesertifiseerde afskrif van die notule van sy verhoor en skuldigbevinding deur daardie hof, nadat sodanige professionele natuurwetenskaplike of natuurwetenskaplike-in-opleiding geïdentifiseer is as die persoon wat in die notule genoem word, voldoende bewys dat hy sodanige misdryf begaan het, tensy die skuldigbevinding deur 'n hoër hof ter syde gestel is: Met dien verstande dat die aangeklaagde professionele natuurwetenskaplike of natuurwetenskaplike-in-opleiding die reg het om getuienis aan te voer dat hy in werklikheid verkeerdelik skuldig bevind is.

(4) Wanneer dit gedurende verrigtinge in 'n geregshof of gedurende 'n ondersoek ingevolge 'n wet aan die hof of aan die persoon in beheer van die ondersoek, na gelang van die geval, blyk dat daar prima facie-getuienis is van onbehoorlike of skandelike gedrag van die kant van 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, of gedrag wat, met die oog op die professie van 'n professionele natuurwetenskaplike, onbehoorlik of skandelik is, gelas die hof of die persoon in beheer van die ondersoek, na gelang van die geval, dat 'n afskrif van die notule van die verrigtinge of die ondersoek of daardie gedeelte daarvan wat op die saak betrekking het, aan die Raad gestuur word.

*Dissiplinêre magte van Raad*

23. (1) Die Raad is bevoeg om ondersoek in te stel na gevalle van onbehoorlike gedrag waaraan iemand wat as 'n professionele natuurwetenskaplike of as 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding geregistreer is, hom na bewering skuldig gemaak het terwyl hy aldus geregistreer was en om ten opsigte daarvan enige straf op te lê wat ingevolge artikel 26 (1) (f) voorgeskryf is: Met dien verstande dat in die geval van beweerde onbehoorlike gedrag wat die onderwerp van straf- of sivielregtelike verrigtinge in 'n geregshof uitmaak of ten opsigte waarvan die Raad rede het om te glo dat dit waarskynlik so 'n onderwerp sal uitmaak, die Raad die ondersoek kan uitstel totdat sodanige verrigtinge afgehandel is.

(2) Wanneer 'n straf wat kragtens subartikel (1) opgelê is, uit 'n boete bestaan of 'n boete insluit, kan die bedrag daarvan deur die Raad op die betrokke persoon verhaal en in die fondse van die Raad gestort word.

*Ondersoek deur Raad*

24. (1) Die Raad kan, vir die doeleindes van 'n ondersoek kragtens artikel 23—

(a) enige persoon wat na sy oordeel in staat is om inligting van wesenlike belang te verstrek omtrent die onderwerp wat ondersoek word, of wat vermoed word 'n boek, dokument of saak wat betrekking het op die onderwerp wat ondersoek word in sy besit of bewaring of onder sy beheer te hê, dagvaar om op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld voor die Raad te verskyn om ondervra te word of om daardie boek, dokument of saak oor te lê, en kan 'n boek, dokument of saak wat aldus oorgelê is vir ondersoek behou;

(b) enige by die ondersoek aanwesige persoon wat kragtens paragraaf (a) gedagvaar is of kon gewees het, oproep en by monde van die President van die Raad aan hom 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem, en hom ondervra en hom aansê

document or thing in his possession or custody or under his control; and

(c) appoint any person to advise the Council at such enquiry on matters pertaining to law, procedure or evidence.

(2) A summon for the attendance before the Council of any person or for the production of any book, document, or thing, shall be in the form prescribed by the Council, shall be signed by the president of the Council or a person authorised thereto by it, and shall be served in the same manner as a subpoena in a criminal case issued by a magistrate's court.

(3) If any person who has been duly summoned under this section fails without sufficient cause to attend at the time and place specified in the summons, or to remain in attendance until excused from further attendance by the president of the Council, or if any person called in terms of subsection (1) (b) refuses to be sworn or to affirm as a witness, or fails without sufficient cause to answer fully and satisfactorily to the best of his knowledge and belief all questions lawfully put to him concerning the subject of the enquiry, or to produce any book, document or thing in his possession or custody or under his control which he has been required to produce, he shall be guilty of an offence: Provided that in connection with the interrogation of any such person or the production of any such book, document or thing, the law relating to privilege, as applicable to a witness subpoenaed to give evidence or to produce any book, document or thing before a court of law, shall apply.

(4) Any witness who, having been duly sworn or having made an affirmation, gives a false answer to any question lawfully put to him or makes a false statement of any matter, knowing such answer or statement to be false, shall be guilty of an offence.

(5) Any person who wilfully hinders the president or any member or officer of the Council in the exercise of any power conferred upon him by or under this section, shall be guilty of an offence.

(6) A person whose conduct is being enquired into by the Council shall be informed of the nature of the complaint made against him and shall be entitled to appear by himself or to be represented by some other person duly authorised in writing on his behalf, and to produce evidence, call and examine witnesses on his behalf and cross-examine other witnesses.

(7) Any person convicted of an offence under this section, shall be liable to a fine not exceeding R100.

*Suspension from practising of professional scientists who have become of unsound mind*

25. (1) Whenever it appears to the Council from information on oath that any person registered as a professional scientist has become of unsound mind to such an extent that it would be contrary to the public welfare to allow him to continue in practice, the Council may, if it deems fit, hold an enquiry *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of section 24 in respect of such person.

om enige boek, dokument of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê; en

(c) enige persoon aanstel om die Raad by bedoelde ondersoek te adviseer oor aangeleenthede betreffende die regte, prosedure of bewyslewering.

(2) 'n Dagvaarding van iemand om voor die Raad te verskyn of om 'n boek, dokument of saak oor te lê, moet in die vorm wees wat die Raad voorskryf, moet deur die President van die Raad of 'n deur die Raad daartoe gemagtigde persoon onderteken word, en word op dieselfde wyse beteken as 'n dagvaarding in 'n strafgeding deur 'n landdroshof uitgereik.

(3) Indien iemand wat behoorlik kragtens hierdie artikel gedagvaar is, sonder genoegsame rede in gebreke bly om op die in die dagvaarding bepaalde tyd en plek te verskyn, of om aanwesig te bly totdat die President van die Raad hom van verdere bywoning onthef, of indien iemand wat ooreenkomstig subartikel (1) (b) opgeroep is, weier om as getuie beëdig te word of om te bevestig, of sonder genoegsame rede versuim om volledig en bevredigend na sy beste kennis en geloof te antwoord op alle vrae wettiglik aan hom gestel oor die onderwerp wat ondersoek word, of om 'n boek, dokument of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê wat hy aangesê is om oor te lê, is hy aan 'n misdryf skuldig: Met dien verstande dat in verband met die ondervraging van so 'n persoon of die oorlegging van so 'n boek, dokument of saak, die regsbepaling met betrekking tot privilegie, soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê, of 'n boek, dokument of saak oor te lê, van toepassing is.

(4) 'n Getuie wat, nadat hy behoorlik beëdig is of 'n bevestiging gemaak het, 'n valse antwoord gee op 'n vraag wat wettiglik aan hom gestel is of 'n valse verklaring doen oor enige saak, wetende dat daardie antwoord of verklaring vals is, is aan 'n misdryf skuldig.

(5) Iemand wat die President of 'n lid of beampte van die Raad opsetlik hinder by die uitoefening van 'n bevoegdheid deur of ingevolge hierdie artikel aan hom verleen, is aan 'n misdryf skuldig.

(6) Daar moet aan iemand wie se gedrag deur die Raad ondersoek word, kennis gegee word van die aard van die klag wat teen hom ingebring is, en so iemand is geregtig om persoonlik te verskyn of deur iemand anders wat skriftelik en behoorlik namens hom daartoe gemagtig is, verteenwoordig te word, en om getuienis oor te lê, getuies namens homself op te roep en te ondervra en ander getuies onder kruisverhoor te neem.

(7) Iemand wat weens 'n misdryf ingevolge hierdie artikel veroordeel word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens R100.

*Skorsing in hul professie van professionele natuurwetenskaplikes wat in hul geestesvermoë gekrenk geraak het*

25. (1) Wanneer dit uit beëdigde inligting vir die Raad blyk dat 'n persoon wat as 'n professionele natuurwetenskaplike geregistreer is, in sy geestesvermoë in so 'n mate gekrenk geraak het dat dit in stryd met die openbare welsyn sou wees om hom toe te laat om aan te hou praktiseer, kan die Raad na goeddunke ten opsigte van sodanige persoon 'n ondersoek instel *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van artikel 24.

(2) If the Council finds that such person has so become of unsound mind it may order the suspension of such person for a specified period from practising as a professional scientist.

(3) The Council may extend for any period determined by it the operation of, or withdraw, any order made under this section.

*Regulations*

26. (1) The Minister may, after consultation with the Council, make regulations, not inconsistent with this Act—

(a) as to any matters which, by this Act, are required or permitted to be prescribed by regulation;

(b) as to the calling of and procedure and quorum at meetings of the Council or of a committee of the Council or of the Education Advisory Committee;

(c) prescribing rules with which professional scientists and scientists-in-training, as the case may be, shall comply in carrying on their profession;

(d) prescribing conduct (apart from conduct referred to in section 22) on the part of a professional scientist or a scientist-in-training, as the case may be, which shall constitute improper conduct;

(e) prescribing the method of enquiry into allegations of improper conduct and the punishment, including fines, removal from the register, temporary or permanent disqualification from registration or suspension from practice for such period as the Council may determine, which may be imposed in respect thereof, and as to the mitigation of any such punishment so imposed; and

(f) as to the investigations or enquiries that may be made or instituted by the Council for the purpose of the evaluation of examinations with a view to recognition in terms of section 18 (2) (b) and (6) (c) (ii) and the procedure to be observed in connection therewith;

(g) generally on all matters which he considers necessary or expedient to prescribe for achieving the purposes of this Act.

(2) Any regulation shall be of force and effect unless and until during the session in which it has been laid upon the tables of both Houses of Parliament as provided by section 17 of the Interpretation Act, 1957 (Act 33 of 1957), both Houses have by resolution disapproved of the regulation, in which event the regulation shall lapse as from a date to be specified in the resolution, but the lapsing of the regulation shall not affect the validity of anything done under such regulation before the date specified in the resolution, and nothing contained in this subsection shall affect the power of the Minister to make a new regulation as to the subject matter of that regulation.

*Procedure and evidence*

27. (1) The register shall be prima facie evidence of all matters directed or authorised by this Act to be noted therein.

(2) A certificate purporting to be signed by the registrar to the effect that an entry has or has not been made in the register or that any other thing authorised by this Act to be done, has or has not been done, shall be prima facie evidence of the matters specified in that certificate.

(2) Indien die Raad bevind dat sodanige persoon aldus in sy geestesvermoë gekrenk geraak het, kan die Raad vir 'n vasgestelde tydperk die skorsing van sodanige persoon in sy professie as professionele natuurwetenskaplike beveel.

(3) Die Raad kan die geldingstydperk van 'n bevel kragtens hierdie artikel uitgereik, vir 'n deur die Raad bepaalde tydperk verleng, of so 'n bevel intrek.

*Regulasies*

26. (1) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Raad, regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie—

(a) aangaande aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word;

(b) aangaande die byeenroeping van en die prosedure en kworum by vergaderings van die Raad of van 'n komitee van die Raad of van die Adviserende Onderwyskomitee;

(c) wat reëls voorskryf waaraan professionele natuurwetenskaplikes en natuurwetenskaplikes-in-opleiding, na gelang van die geval, moet voldoen by die beoefening van hul professie; en

(d) wat gedrag (buite en behalwe gedrag in artikel 22 bedoel) voorskryf wat onbehoorlike gedrag vir 'n professionele natuurwetenskaplike of 'n natuurwetenskaplike-in-opleiding, na gelang van die geval, uitmaak;

(e) wat die metode waarvolgens beweerde onbehoorlike gedrag ondersoek moet word en die strawwe met inbegrip van boetes, skrapping van die register, tydelike of permanente onbevoegdverklaring vir registrasie of skorsing van praktyk vir die tydperk wat die Raad vasstel, wat ten opsigte daarvan opgelê mag word, voorskryf en aangaande die versagting van so 'n straf wat aldus opgelê is; en

(f) aangaande die ondersoeke of navrae wat deur die Raad gedoen of ingestel kan word met die doel om die waarde van eksamens te bepaal met die oog op erkenning kragtens artikels 18 (2) (b) en (6) (c) (ii), en die prosedures wat in verband daarmee nagekom moet word;

(g) aangaande, in die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of raadsaam ag om voor te skryf ten einde die doelstellings van hierdie Wet te bereik.

(2) Elke regulasie is van krag en regsgeldig tensy en totdat, gedurende die sessie waarin dit in albei Huise van die Parlement ter Tafel gelê is soos bepaal by artikel 17 van die Interpretasiewet, 1957, (Wet No. 33 van 1957), albei Huise die regulasie by besluit afgekeur het, in welke geval die regulasie verval met ingang van 'n datum wat in die besluit vermeld word, maar die verval van die regulasies raak nie die geldigheid van enigiets wat ingevolge sodanige regulasie voor die datum in die besluit vermeld, gedoen is nie en niks wat in hierdie subartikel vervat is, raak die bevoegdheid van die Minister om 'n nuwe regulasie aangaande die inhoud van daardie regulasie uit te vaardig nie.

*Prosedure en bewyslewering*

27. (1) Die register dien as prima facie-bewys van alle aangeleenthede wat volgens hierdie Wet daarin aangeteken moet of mag word.

(2) 'n Sertifikaat wat deur die registrateur onderteken heet te wees ten effekte dat 'n inskrywing wel in die register gemaak is of nie gemaak is nie of dat enigiets anders wat volgens hierdie Wet gedoen mag word, wel gedoen is of nie gedoen is nie, is prima facie-bewys van die aangeleenthede in daardie sertifikaat vermeld.

(3) A copy of an entry in the register or of a document in the custody of the registrar, or an extract from the register or from any such document purporting to be certified by the registrar, shall be admitted in evidence in all courts without further proof or production of the original.

*Rectification of errors*

28. Whenever anything which, according to the provision of this Act, is required to be done or performed on or before a specified day or at a specified time or during a specified period, has not been so done or performed, the Minister may, if he is satisfied that such failure was due to error or oversight, and that it is in the interests of the scientific profession to do so, authorise such thing to be done or performed on or before some other day or at some other time or during some other period, as he may direct, and anything so done or performed shall be of full force and effect and shall be deemed to have been lawfully done or performed in accordance with the provisions of this Act.

*Privileges of Council*

29. No legal proceedings, whether civil or criminal, shall lie against the Council or any member or official thereof in respect of any act or duty performed in accordance with the provisions of section 23, 24 or 25.

*Delegation of powers*

30. The Minister may, by writing under his hand, delegate to the Secretary or any other senior officer of the department any of the powers conferred upon him by this Act other than the powers to make regulations and the powers conferred upon him by section 7 (3) and (4).

*Establishment of boards of control in respect of certain professions*

31. (1) If the council—

(a) has received an application in writing from any body of persons which in the opinion of the council is representative of persons exercising any profession in performing any work related or allied to any kind of work reserved for professional natural scientists under section 7 (3) (c), for the establishment of a board of control in respect of such profession:

(b) is satisfied that it is in the public interest that a board of control be established in respect of any such profession, or in respect of two or more of such professions, so as to promote high standards of education, training and conduct in relation to any such profession; and

(c) is satisfied that the majority of the persons exercising any such profession is in favour of the establishment of a board of control in respect of such profession;

it may make a recommendation to the Minister that a board of control be established in respect of such profession or professions.

(2) The Minister may, after having received a recommendation mentioned in subsection (1), by notice in the *Gazette* establish a board of control in respect of the profession or professions to which such recommendation relates.

(3) 'n Afskrif van 'n inskrywing in die register òf van 'n dokument deur die registrateur bewaar òf 'n uittreksel uit die register of uit so 'n dokument wat deur die registrateur gesertifiseer heet te wees, word sonder verdere bewys of voorlegging van die oorspronklike in alle howe as getuienis toegelaat.

*Regstelling van fout*

28. Waar enigiets wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet op of voor 'n vermelde dag of op 'n vermelde tyd of gedurende 'n vermelde tydperk gedoen of uitgevoer moet word, nie aldus gedoen of uitgevoer is nie, kan die Minister, indien hy oortuig is dat die versuim te wyte was aan 'n fout of vergissing, en dat dit in die belang van die natuurwetenskapsprofessie is om dit te doen, magtiging daarvoor verleen dat so iets gedoen of uitgevoer kan word op of voor 'n ander dag of op 'n ander tyd of gedurende 'n ander tydperk wat hy aandui, en enigiets aldus gedoen of uitgevoer is van volle krag en word geag wettiglik gedoen of uitgevoer te gewees het ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet.

*Privilege van Raad*

29. Geen regsgeding, hetsy straf- of sivielregtelik, kan teen die Raad of 'n lid of beampte daarvan ten opsigte van 'n handeling of plig ooreenkomstig die bepalings van artikel 23, 24 of 25 verrig, ingestel word nie.

*Delegering van bevoegdhede*

30. Die Minister kan skriftelik onder sy handtekening aan die Sekretaris of 'n ander senior beampte van die departement enige van of al die bevoegdhede wat hierdie Wet aan hom verleen, behalwe die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig en die bevoegdhede by artikel 7 (3) en (4) aan hom verleen, delegeer.

*Instelling van beheerrade ten opsigte van sekere professies*

31. (1) Indien die raad—

(a) 'n skriftelike aansoek ontvang het van 'n liggaam van persone wat volgens die oordeel van die raad verteenwoordigend is van persone wat by die verrigting van werk wat verband hou met of verwant is aan enige soort werk wat kragtens artikel 7 (3) (c) vir professionele natuurwetenskaplikes gereserveer is, 'n professie uitoefen, om die instelling van 'n beheerraad ten opsigte van sodanige professie;

(b) oortuig is dat dit in die openbare belang is dat 'n beheerraad ingestel word ten opsigte van so 'n professie of ten opsigte van twee of meer sodanige professies, ten einde 'n hoë peil van onderrig, opleiding en gedrag met betrekking tot so 'n professie te bevorder; en

(c) oortuig is dat die meerderheid van die persone wat so 'n professie uitoefen, ten gunste is van die instelling van 'n beheerraad ten opsigte van sodanige professie;

kan hy 'n aanbeveling by die Minister doen dat 'n beheerraad ten opsigte van sodanige professie of professies ingestel word.

(2) Die Minister kan, nadat hy 'n aanbeveling in subartikel (1) vermeld. ontvang het, by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n beheerraad instel ten opsigte van die professie of professies waarop die aanbevelings betrekking het.

(3) The Minister may, after consultation with the council, make regulations—

(a) as to the constitution of the board of control;

(b) as to the procedure to be followed in connection with the appointment of the members of a board of control;

(c) as to the requirements with which a person shall comply to be appointed as a member of a board of control, when a member of a board of control shall vacate his office as such, and the term of office for which a person shall be appointed as a member of a board of control;

(d) as to the determination of the requirements with which a person shall comply for registration by a board of control and to remain so registered, the registration of persons by a board of control, the determination of the fees payable in respect of such registration and of the annual fees payable in respect of such registration, the keeping of a register of persons so registered, the cancellation of such registration and any other functions of a board of control;

(e) as to the establishment and constitution of an Education Advisory Committee and other committees for a board of control;

(f) as to the calling of and procedure and quorum at meetings of a board of control or of a committee of a board of control or of the Education Advisory Committee of a board of control;

(g) prescribing rules with which persons registered by a board of control shall comply in exercising their profession;

(h) prescribing conduct on the part of a person registered by a board of control which shall constitute improper conduct;

(i) prescribing the method of inquiry by a board of control into allegations of improper conduct and the punishment which may be imposed in respect thereof, including fines, removal from the register and temporary or permanent disqualification from registration, and as to the mitigation by a board of control of any such punishment so imposed by it;

(j) as to, generally, all matters which he considers is necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this section may be achieved.

(4) Regulations relating to the constitution of a board of control shall provide for the appointment to it by the Minister of—

(a) not more than two persons by reason of their experience in natural science;

(b) not more than four persons with experience in natural science, of whom at least two shall be in the service of the State;

(c) one person designated by the council;

(d) a number of persons nominated by any body or bodies of persons referred to in subsection (1) (a), and being at least one more in number than the total number of persons appointed in terms of paragraphs (a), (b) and (c) of this subsection.

(5) (a) A board of control shall report to the council on any matter affecting the profession or professions in respect of which such board of control has been established, and on any matter referred to it by the council.

(b) No matter relating to a board of control shall be decided upon by the council unless such matter has first been referred to such board of control for consideration and report to the council.

(3) Die Minister kan, na oorlegpleging met die raad, regulasies uitvaardig—

(a) aangaande die samestelling van 'n beheerraad;

(b) aangaande die prosedure wat gevolg moet word in verband met die aanstelling van die lede van 'n beheerraad;

(c) aangaande die vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen om as 'n lid van 'n beheerraad aangestel te word, wanneer 'n lid van 'n beheerraad sy amp as sodanig moet ontruim, en die dienstermyn waarvoor 'n persoon as lid van 'n beheerraad aangestel word;

(d) aangaande die bepaling van die vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen om deur 'n beheerraad geregistreer te word en aldus geregistreer te bly, die registrasie van persone deur 'n beheerraad, die bepaling van die gelde wat ten opsigte van sodanige registrasie betaalbaar is en van die jaargelde betaalbaar ten opsigte van sodanige registrasie, die hou van 'n register van persone aldus geregistreer, die kansellasie van sodanige registrasie, en enige ander werksaamhede van 'n beheerraad;

(e) aangaande die instelling en samestelling van 'n Adviserende Onderwyskomitee en ander komitees vir 'n beheerraad;

(f) aangaande die byeenroeping van en die prosedure en kworum op vergaderings van 'n beheerraad of van 'n komitee van 'n beheerraad of van die Adviserende Onderwyskomitee van 'n beheerraad;

(g) wat reëls voorskryf waaraan persone wat deur 'n beheerraad geregistreer is, moet voldoen by die beoefening van hul professie;

(h) wat gedrag voorskryf wat onbehoorlike gedrag vir 'n persoon wat deur 'n beheerraad geregistreer is, uitmaak;

(i) wat die metode waarvolgens beweerde onbehoorlike gedrag deur 'n beheerraad ondersoek moet word en die strawwe wat ten opsigte daarvan opgelê mag word, met inbegrip van boetes, skrapping uit die register en tydelike of permanente onbevoegdverklaring vir registrasie, voorskryf, en aangaande die versagting deur 'n beheerraad van so 'n straf aldus deur hom opgelê;

(j) aangaande, in die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of raadsaam ag om voor te skryf ten einde die doelstellings van hierdie artikel te bereik.

(4) Regulasies aangaande die samestelling van 'n beheerraad moet voorsiening maak vir die aanstelling daarin deur die Minister van—

(a) hoogstens twee persone op grond van hul ervaring onderrig in die natuurwetenskappe;

(b) hoogstens vier persone met ervaring in die natuurwetenskappe, van wie minstens twee in diens van die Staat moet wees;

(c) een persoon deur die Raad aangewys;

(d) 'n aantal persone wat genomineer is deur 'n liggaam of liggame van persone in subartikel (1) (a) bedoel en wat minstens een meer in getal is as die totale aantal persone ingevolge paragrawe (a), (b) en (c) van hierdie subartikel aangestel.

(5) (a) 'n Beheerraad moet aan die Raad verslag doen oor enige aangeleentheid rakende die professie of professies ten opsigte waarvan sodanige beheerraad ingestel is, en oor enige aangeleentheid wat deur die Raad na hom verwys word.

(b) Die Raad beslis oor geen aangeleentheid met betrekking tot 'n beheerraad nie tensy sodanige aangeleentheid eers na die betrokke beheerraad vir oorweging en verslag aan die Raad verwys is.

(6) When a report referred to in subsection (5) is considered by the council, the chairman of the board of control in question may be present at the meeting at which such report is considered by the council and shall have the right to address the council concerning any matter dealt with in such report and to vote if any vote is taken at such meeting in respect of such matter and shall have all the privileges and duties of a member of the council attending such meeting.

